Die Magtige Oorwinnaar

. . . doopdiens. Ek glo hulle het die bad laat volmaak. En nagmaal en voetewas. Hoeveel mense hierbinne was al ooit by 'n voetewas? Laat ons julle hande sien. O, goeiste, kyk na die Baptiste wat—wat vanmôre hierbinne is. Amen.

2 Julle weet, hulle sê: "Die voet-gewasde Baptis." En die ding, egter, toe ek altyd na die voet-gewasde Baptiste toe gegaan het, het hulle net een voet gewas, net een voet. En nou, hier, was ons albei voete. So, dan, 'n dubbele seëning, julle sien, ja, het twee seëninge in een. As dit 'n seëning is om een voet te was, moet jy albei probeer, eenkeer, die voet-gewasde Baptis.

3 [Iemand praat met Broer Branham—Red.] Wel, dit hang af van watter soort diens ons vanmôre het. Dis reg. Ons weet net nie wat dit vanaand sal wees nie, want ons . . . van hoe die diens is vanmôre. Ek is bietjie moeg.

4 Ons het pas van Mexiko af gekom, waar ek een van die wonderlikste dienste gehad het wat ons al ooit gehad het. En ek weet baie van julle is geïnteresseerd om dit te hoor, so ek . . . Wel, ons was daaronder vir drie aande, het drie aande van dienste gehad. En die . . . ons dierbare Verlosser het beslis die uitermatig, oorvloedige daaronder gedoen. Die laaste aand, het ons twintigduisend mense gehad wat nog nooit na Christus toe gekom het op enige manier nie, wat Jesus as persoonlike Saligmaker aanvaar het op een slag; twintigduisend op een slag.

5 'n Opstanding van 'n babatjie wat in sy moeder se arms gesterf het, wat op die gronde gestaan het. En die dokter het gesê, vorige dag, dit gaan sterf, en sy het dit na die diens toe gebring om voor gebid te word. En die mense het gestaan, soos hulle hier rondom staan.

6 En julle dink dis nogal erg hier, vir ons Amerikaners om 'n uur lank te staan. Maar hulle sou, partymaal, inkom om sesuur in die oggend, en staan tot elfuur daardie aand. En dit was so volgepak, dat hulle moes skat hoeveel grond ons gehad het vir hulle om op te staan. En hulle het gestaan, ses mense elke vierkante voet; ses mense wat net gestaan het, ingeprop, wat teen mekaar leun. Ek het gesê: "Dit herinner my aan skape."

7 Julle weet, wanneer dit in die hitte van die dag is, kom al die skape bymekaar. En hulle staan teen mekaar, en hulle maak skaduwee vir mekaar, en hulle ondersteun mekaar. So dis wat die skape van God behoort te doen, soort van bymekaar staan, naby plekke, en mekaar ondersteun met ons geloof.

8 Nou, elke persoon op julle eie manier van bid, hoe julle ook al by julle kerk bid, bid vanmôre. En ons gaan bietjie van God se Woord lees.

9 En as gevolg van hulle wat staan, soos hulle opkom, wys hulle net die mense weg en weg. En gesê hulle wys al vir 'n geruime tyd weg.

10 So nou gaan ons baie gou maak, en praat oor die Woord, sodat julle 'n grondslag vir geloof kan hê. En dan daarna, dan gaan ons vir die siekes bid, soos die Here wil.

11 Ek het gewag om ons eerste openingsdiens te hê, om die mense te neem op die manier wat die visioen pas gewys het. Maar ek weet nie of ek in staat gaan wees om dit te doen of nie; die kamers is propvol, daarbinne, om hulle van die publiek af weg te kry.

[Leë kol op band—Red.]. . . om te vertrou dat julle sal probeer om net vir 'n rukkie uit te hou en te bid.

12 Nou, die eerste ding, ek glo, dat alle Doktrine uit God se Ewige geseënde Woord moet kom, want geloof kan nie op die waaisand van die teologie van mense berus nie. Dit moet gebaseer wees op die onbeweeglike Rots van God's Woord. Daarom, kan 'n persoon met sekerheid rus dat, as God dit gesê het, sal God doen wat Hy gesê het.

13 In die boodskap vanmôre, het ons gepraat oor hoedat God, voordat. . . Miskien tienduisend jaar voor daar ooit 'n wêreld was, Jesus Christus doodgemaak is voor die grondlegging van die wêreld. God het dit gespreek, en dit het dit afgehandel. Solank God dit spreek, maak dit dit reg. En in God se gedagte, wanneer Hy 'n Woord spreek, is Dit alreeds bevestig in die Hemel. Dis hoe volmaak Dit Daarbo is. So hoeveel behoort ons sterflinge, wat verlos is deur Sy genade, Sy Woord te vertrou! As Sy Woord so gesê het, handel dit dit af.

14 Nou, eers, 'n Woord. . . Die Bybel het gesê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Nou, voor dit 'n woord kon wees, moes dit 'n gedagte gewees het, want 'n woord is 'n uitgedrukte gedagte. En God het, toe Hy gesien het dat die vyand van hierdie wêreld het. . . sou doen wat hy gedoen het, het God gedink hoe Hy die groot plan van verlossing sou stuur. En toe Hy dit gedink het, toe het Hy dit gespreek, en net daar was dit so goed as gedoen. En duisende jare later, het die Here Jesus Christus gekom, en vir sondes kom sterf; en weer opgestaan, omtrent negentien honderd jaar gelede, vanmôre, vir ons regverdigmaking; wat nou aan Sy regterhand sit, as 'n Hoëpriester, om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Dis alreeds volbring. En enige Woord wat uit God se Bybel kom, jy kan jou siel Daarop berus. Sien?

15 Dis waarom daar, onder in Mexiko, die meeste mense daaronder Katoliek is. En in 'n onderhoud met 'n Katolieke man, het hy gesê: "Broer Branham, glo jy dat—dat ons heiliges wonderwerke kan doen?"

Ek het gesê: "As hulle lewendig is, nie dood nie."

En hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "wel, jy . . . " Ek het gesê ek . . . Hy het gesê: "In watter kerk is jy?"

Ek het gesê: "Die Kerk van die Here Jesus."

En hy het gesê: "Watter denominasie is dit?"

16 En ek het gesê: "Dit is nie 'n denominasie nie. Dis die Liggaam van Christus. Deur Een Gees kom ons almal bymekaar, om te glo. En Daarbinne, maak nie saak wat die man dink nie, dis sy persoonlike geloof in Christus."

Hy het gesê: "Natuurlik, was daardie Bybel die antieke geskiedenis van die Katolieke kerk."

17 En ek het gesê: "Wel, ek gaan jou die voordeel van die twyfel gee. Ek het . . . Ek lees baie geskiedenisse, en ek kan nie sien waar die Katolieke kerk ooit begin het vir drieduisend-en-iets jaar, na die dood van die laaste apostel nie. Maar, hoe ook al, ek sal—ek sal vir jou die voordeel van die twyfel gee, en sê dit was. Dan, kan jy my 'n Katoliek van die ou soort noem, want ek glo die Bybel." Dis reg. Goed.

18 En ek glo dat elke Woord nooit verander kan word nie. As God Dit eenmaal gespreek het, en Dis vir ewig die Waarheid. Sien? Sien, ek en jy hou aan wysheid byleer. Jy weet nou meer as wat jy 'n paar jaar gelede geweet het.

19 'n Dogtertjie wat nou hier sit, sy is net 'n kind. Haar ouers moet haar lei. Na 'n ruk, sal sy grootword. En sy sal waarskynlik, in haar dag, vorder; sy mag slimmer wees as wat haar ma nou is, sien, want sy bly vorder.

20 Maar God is oneindig. Hy kan nie verander nie. Hy moet . . . Hy—Hy was—Hy was volmaak, van die begin af. Hy sal dieselfde wees aan die einde. Hy, Hy kan nie verander nie. So, wat Sy gesindheid ook al was teenoor enigiets in die Bybel, dit moet nou dieselfde wees, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy toe opgetree het. Sien? So, Hy moet nooit verander nie.

21 So, voor ons Sy Woord oopmaak, kom ons praat met die Een Wat Dit geskryf het, die Here Jesus, terwyl ons ons hoof buig.

22 Ons Hemelse Vader, vandag is een van die grootste dae van . . . in die geskiedenis van die Christenkalender. Dis die dag van die opstanding. Ons bid, Hemelse Vader, dat Hy Wat vandag lewendig is, en vir ewig lewendig is, ons sal besoek in hierdie volgende paar oomblikke van preek en bid vir daardie arme mense wat siek en behoeftig is vandag.

23 Ek vra nederig dat U ons al ons sondes en oortredinge sal vergewe. Ons doen verkeerd, ons besef dit, want ons lewe in 'n verkeerde wêreld met verkeerde motiewe, verkeerde geeste, verkeerde emosie. Maar, Vader, U weet al hierdie dinge. So, ons is so dankbaar dat ons vir Jesus het Wat sit aan die regterhand van die Majesteit, om voorspraak te maak volgens ons belydenis

dat ons verkeerd is, en Hy het belowe om ons te vergewe. En ons glo dit, en vertrou Hom.

24 Ontvang Glorie uit die diens, vandag. Besny elke hart om die Woord te hoor, en die lippe wat Dit spreek, want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

25 In die Boek van Efesiërs, wil ek graag hierdie Woorde lees. Ek hou net daarvan om God se Woord te lees. "Daarom. . . " Die Boek se 1ste hoofstuk, vanaf die tweede. . . 15de vers.

> *Daarom, vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde* van *al die heiliges,*
>
> *Hou ek ook nie op om vir julle te dank, as ek aan julle in my gebede dink nie;*
>
> *Dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee:*
>
> *Verligte oë van julle verstand; sodat julle kan weet wat die hoop van* die *roeping is, en wat die rykdom van die heerlikheid van* die *erfdeel* van *die heiliges is,*
>
> *En wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte,*
>
> *Wat hy gewerk* het *in Christus, toe hy hom uit die dode opgewek het, en hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,*
>
> *Bo alle* owerhede, *en mag, en krag, . . . heerskappy, en elke naam . . . nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige:*
>
> *En hy het alle dinge onder sy voete onderwerp, en* gegee . . . *as hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,*
>
> *Wat sy liggaam is, die volheid van hom wat alles in almal vervul.*

En dan oorkant in die Evangelie van Markus. . . of Lukas, liewer, vanaf die 25ste vers.

> *En hy sê vir hulle, O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alle* dinge *wat die profete gespreek* het*:*
>
> *Moes die Christus nie hierdie dinge ly, en in sy heerlikheid ingaan nie?*
>
> *En Hy het begin van Moses en al die profete af, en vir hulle uitgelê . . . al die Skrifte* en *die dinge wat op hom betrekking het.*
>
> *Daarop kom hulle naby die dorp,* waar *hulle op reis was: en hy het gemaak of hy* verder *wou gaan.*

Maar hulle het by Hom aangedring, en gesê, Bly by ons: want dit is amper al *aand, en die dag het gedaal. En hy het ingegaan* en *by hulle gebly.*

En toe hy met hulle aan tafel was, neem hy die brood, en dank, en hy breek dit *en gee* dit *aan hulle.*

Toe is hulle oë geopen, en hulle het Hom herken; en Hy het uit hulle gesig verdwyn.

Mag die Here Sy seëninge voeg by Sy Woord.

26 Genoeg Skrif is gelees dat dit ons weke en maande sou neem om selfs halfpad te gaan na die konteks van hierdie teks. Maar my onderwerp vanmôre, of teks, is, *Die Magtige Oorwinnaar.* En nou begin ons waar ons opgehou het, oor die opstanding, waar dit bewys het wat Hy was.

27 Daar is baie mans wat die stelling kan maak. Daar was al baie filosowe in die wêreld; Boeddha, Mohammedaan, Confucius, baie ander groot filosowe. Hulle het almal stellings gemaak, dat hulle groot mense was, maar, die dood het die vraagstuk vir altyd besleg vir hulle.

28 Maar nog nooit was daar 'n man, behalwe Christus, wat gesê het: "Ek het mag om My lewe neer te lê en om Dit weer op te neem," en dit kon bewys nie. Dis die een pragtige gedagte van Christelikheid, dat ons selfs vandag, dat, soos ons van die Evangelie praat, nie 'n hoorsê of 'n historiese ding daarvan hoef te aanvaar nie. Want, dit kan, vanmôre, net hier bewys word, dat Jesus Christus lewe en regeer, en opgestaan het uit die dood en vir ewig lewe. Na tweeduisend jaar, is Hy net so teenwoordig as wat Hy was toe Hy in Galilea gewandel het saam met Sy dissipels; deur dieselfde ding te doen, dieselfde wonderwerke te doen, dieselfde genade te betoon, dieselfde Evangelie te verkondig. Hy is nie dood nie, maar lewendig vir ewig.

29 Watter blye harte behoort dit Christene te gee, vandag, om te weet dat dit nie een of ander vreemde filosofie is wat ons verstaan nie, maar dis die krag van die opstanding van die Here Jesus.

30 En soos die groot Paulus gesê het in sy dae, as die enigste geleerde onder die dissipels, hy gesê het: "Ek het nie na julle gekom in die uitnemendheid van woorde of met die gesprek van mense, dat julle geloof in so-iets sou vertrou nie. Maar," gesê: "ek het na julle toe gekom met die krag en demonstrasie van die Heilige Gees, dat julle—dat julle geloof op God sou berus." Iets in daardie lyn. Hoe ons daarvan hou! En om te weet dat, dieselfde ding wat Paulus gepreek het, in die dae na die opstanding van Christus, net dieselfde is vandag, en nou net hier bewys kan word, onfeilbare bewyse, dat Jesus lewendig is vandag.

31 Watter wonderlike dag moes dit vir Kléopas en sy vriend gewees het! Dit was 'n pragtige Paasoggend, die eerste Paasoggend. Hartseer, soos hulle in die pad afgegaan het.

32 Die Bybel het gesê: "Hulle was onkundig en ongeleerde manne," was Sy apostels. Hulle mag dalk nie veel van botanie af geweet het nie. Hulle mag dalk nie veel geweet het van 'n —'n wiskunde, of—of algebra, of enigiets van daardie aard, van ons moderne geleerdheid nie. Hulle mag dalk nie veel daarvan geweet het nie, maar hulle het Hom geken, en dis die hoofsaak. "Om Hom te ken, is Lewe." Onthou dit, Christenvriend, en sondaarvriend. "Om Christus te ken, is Lewe."

33 Baie mense gaan en hulle leer 'n kategismus; hulle dink dis Lewe. Baie mense gaan en leer die Bybel; hulle dink dis Lewe. Baie mense ken die doktrine van hulle kerk; hulle dink dis Lewe. Al daardie dinge is goed. "Maar, om Hom te ken," persoonlik, as jou persoonlike, individuele Verlosser: "dit is Lewe," en net dit, om Hom te ken. Dis goed om jou kategismus te ken, dis goed om jou boeke te ken, dis goed om jou doktrine van jou kerk te ken, maar dit is alles bysaak. Maar, om Hom te ken, is om Lewe te ken. En om—om Lewe te hê, is om Hom te ken.

34 "Want Hy wat My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het ewige Lewe; en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Jesus het daardie stellings gemaak. En dit is woorde wat. . . As daar geen maan en sterre meer is nie, sal daardie steeds. . . Sal daardie Woorde steeds geldig wees, en net so vol krag as wat hulle was die dag toe Hy hulle gesê het. Sy woorde kan nie faal nie.

Nou, as julle goed sal luister.

35 Op hierdie Paasoggend, soos hulle aangegaan het, was hulle harte stukkend. Die Man waarop hulle vertrou het, die Een wat hulle gedink het die Verlosser van Israel sou wees, die Een wat hulle vertrou het die Koning sou wees wat sou kom, was vreeslik mishandel; dood, gekruisig, begrawe; en 'n seël op Sy graf gesit, met die "moenie waag nie" van die Romeinse garnisoen om dit ooit aan te raak, of die straf van die hele Rome wat daarop gerus het. En as enige mens daardie seël sou breek, sou hulle onmiddellik doodgemaak word.

36 Maria, Sy geliefde moeder, al het sy gestaan en gesien dat Hy, nakend uitgetrek word voor die mense, stukkend geslaan word, bene in Sy hande wat deurboor is deur die Romeinse spykers, en al hierdie dinge, en verneder, en Hom hoor uitroep het om genade terwyl Hy gesterf het, gedink het: "Sekerlik, daardie, geen Man van so 'n kaliber kon ooit so 'n dood sterf nie." Maar God laat alle dinge ten goede meewerk. Hy moes dit vir Hom bring, soos ek vanmôre gesê het. Hoe sou jy ooit vertroue hê dat jou geliefdes ooit uit die dood sal opstaan, as—as ons net vir Henog gehad het wat weggeneem is, Elía wat huis toe gegaan het na die Hemel in 'n vuurwa? As ons net vir hulle gehad het, sou ons ellendig gewees het. Maar hierdie Man het gesterf. Hy het gesterf tot die son geweet het Hy was dood. Hy het gesterf tot die maan en sterre

geweet het hy was dood. Hy het gesterf tot alles op die aarde en Hemel geweet het Hy was dood, dat Hy die dood kon sterf van elke sterfling wat ooit gelewe het. Omdat Hy gesterf het, is waarom ons leef. Hy het gesterf.

37 Hy is mishandel. Hy het in die wêreld ingekom in 'n stal. Geen plek om Sy kop neer te lê, toe Hy aarde toe gekom het nie. En Hy was so verwerp deur die mense, Hy het nie 'n plek gehad om te sterf nie. Die aarde het Hom geweier. En die Hemele kon Hom nie kry nie, want Hy het as 'n sondaar gekom; nie met Eie sonde nie, maar met ons sondes op Hom. Hy het die sonde van die wêreld op Hom gedra, so Hy was verwerp in die Hemel. En die aarde wou Hom nie hê nie. En hulle moes Hom oplig, tussen hemel en aarde, en Hom buite die Hemel laat sterf, en buite (af van) die aarde af.

38 Wat 'n Verlosser! Hoe kan jy so 'n Persoon soos daardie weier, vir moderne teologie, of vir sommige persone van mense? wanneer jy weet jy moet in Sy Teenwoordigheid staan op daardie Dag van die Oordeel en rekenskap gee vir jou lewe.

39 God sal jou nie verantwoordelik hou omdat jy 'n sondaar is nie. Hy sal jou verantwoordelik hou as jy die uitweg verwerp. Jy kan nie help om 'n sondaar te wees nie; jy is gebore, jou natuur is 'n sondaar. Maar jy kan dit help; Jesus het die weg vir jou gemaak.

40 En daar was Hy, na dit alles aanskou het. "En, sekerlik, hoe kon 'n persoon," het Maria gedink: "sonder om 'n man te ken . . . Ek het eendag water van die put af gedra, en die Heilige Gees het met my gepraat in 'n groot Lig, en gesê: 'Daardie Heilige wat uit jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word.' En hoe kan God ooit toelaat om Sy Eie Kind, daar te sien hang, ly, bloei, stuiptrek, sterf? Hoe kan dit wees?" Hulle het gekyk, op enige tyd, dat Hy sou afkom van die kruis, Sy hande lostrek, en triomfeer oor die vyand. Maar hulle het nie besef, as Hy dit gedoen het, sou ons sondaars gebly het, vanmôre nie. Hy moes dit doen.

41 Hulle het vir hom die grootste kompliment gegee, daardie Fariseërs het, dat—dat hulle Hom gekruisig het. Hulle het vir Hom die grootste kompliment gegee wat Hy ooit ontvang het, toe hulle gesê het: "Hy het ander gered, maar Homself kon Hy nie red nie." Hulle het nie besef dat as Hy Homself gered het, Hy nie ander kon red nie. Hy moes Homself gee om ander te kon red. En dit was 'n kompliment vir Hom, waarvan hulle nie bewus was nie. Hulle was skuldig daaraan om Hom dood te maak.

42 Maar op Paasoggend, toe God bo alle twyfel bewys het dat Iets meer as 'n filosoof gesterf het, Iets meer as 'n profeet het gesterf. Mense vandag, in moderne teologie, probeer Hom 'n sosiale Evangelie laat verkondig, as net 'n filosoof, of 'n goeie man, of 'n goeie geleerde, 'n leraar. Hy was meer as dit. Hy was God, Self, wat vlees geword het onder ons. Hy was Goddelik. Sy

Bloed het nie uit enige sterflike man gekom nie, maar Dit het gekom uit die skeppende krag van Jehova God, Sy Vader. En Hy was Goddelik. En Hy het dit bewys toe Hy die seëls van die dood gebreek het en weer opgestaan het op die derde dag.

43 Hier was baie van die dissipels, almal mismoedig, baie dinge het opgekom in die lewe, net soos ons onsself bevind, in hierdie reis. Hulle was op hulle pad huis toe, op pad na Emmaus, Kléopas en sy metgesel, wat langs die pad gestap het. En hoe min het hulle geweet, op hierdie pragtige eerste Paasoggend, dat Jesus Christus lewendig was en onder die mense. Hulle het gedink Hy was dood.

44 En soos hulle toe het, so is dit nou. Baie mense wat regtig lief is vir Jesus, verstaan nie dat Hy net hier onder ons, lewendig is, opgewek, hier onder ons nie. Hulle leer dit as 'n geskiedkundige gebeurtenis van iets; en dit is 'n geskiedenis. Die Bybel is nie net 'n geskiedenis nie, maar Dis 'n profeet, ook. Hy is nie net dood nie, maar Hy het weer opgestaan. Hy het gesterf, waarlik, maar Hy het weer opgestaan uit die dood.

45 En daar is baie goeie, Christenmense, vanmôre, wat aan goeie kerke behoort, wat nie besef dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en lewendig is onder ons vandag, met dieselfde mag, dieselfde beginsels, dieselfde werke wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was nie. Min weet mense dit.

46 En soos hulle verder gereis het, op hulle pad af na Emmaus, omtrent 'n sabbatdag se reis, omtrent 'n paar myl, reken ek, op hulle pad soontoe, terwyl hulle met die pad langs loop, het hulle van Sy dood gepraat.

47 Ek wil hê julle moet oplet. Net toe hulle gepraat het: "O, hoekom kon dit ooit gebeur het? Hoe kon dit ooit met ons gebeur het? Ons het nou ons kerk verlaat, om hierdie Man te volg Wat ons gedink het sou sekerlik wees die . . . Tog, ons het Hom vir Lasarus sien opwek uit die graf, na hy al vir vier dae dood was. En hoe kon 'n Man, wat 'n dooie man uit die graf kon opwek, ooit doodgaan?" Maar God werk op Sy Eie manier. Hy was net . . . Net soos 'n saad in die grond ingaan en sterf, en weer voortbring. "As 'n koringkorrel nie in die grond val nie, bly dit alleen," sê die Bybel.

48 So het hulle gewonder. Maar terwyl hulle aan Hom gedink het, het Hy aan hulle verskyn. En dis gewoonlik hoe Hy na ons toe kom. Wanneer julle gewoonlik julle grootste seën ontvang; julle huisvroue, wanneer die kinders almal skool toe is en jy is alleen besig om die skottelgoed te was, of iets. Wanneer jy die besem oor die vloer stoot, of iets. Wanneer ontvang julle mans? Wanneer jy sit, jou middagete eet, miskien alleen, en jou Bybel eenkant lees, iewers waar jy op jou pad huis toe is, in die kar, en jy mediteer oor Hom. As ons die gedagtes van ons hart, en die bepeinsing van ons gedagtes op Hom sal vestig, sal Hy dikwels

aan ons verskyn. Maar die probleem is, ons dink aan waar ons die volgende dollar gaan maak, en wat ons *hier* gaan doen, en hoe *hierdie* gaan wees. Jesus het gesê: "Al hierdie dinge sal voor gesorg word, maar soek eers die Koninkryk van God."

49 Maar soos hulle aangegaan het in die pad, daardie oggend, ek kan hulle net sien. O, goeiste! Die grootste slag wat hulle ooit getref het. Hier was hulle op die pad. Hulle het hulle kerk verlaat, geëkskommuniseer, omdat hulle Hom gevolg het. Hulle het gedink Hy sal beslis iets doen, triomfeer daar by die graf. Toe is hulle weggeneem uit hulle kerk. Hulle kon nie meer teruggaan kerk toe nie. En hulle sou gebrandmerk word, bespot, uitgelag, en voor gelag word.

50 Dis wat met 'n man gebeur wanneer hy regtig uitverkoop aan Christus. Hy moet elke ankertou sny, om alleen met Christus te wandel, Hy alleen. En mans en vroue van hierdie wêreld, wat ooit enigiets beteken het, is mans en vroue wat oorheersend Christus as hulle Verlosser aangeneem het en alleen op hulle besluit gestaan het.

51 Dit sal dieselfde wees vir elke man hier vanmôre, of elke vrou, seun of meisie. As jy ooit enigiets wil beteken, gaan vorentoe met God. Moenie jou kerk vertrou nie. Moenie jou prediker, jou rabbi, jou priester vertrou nie. Maar, staan alleen in Christus Jesus. Dis die enigste manier wat jy dit kan doen. Moenie . . .

52 As jy hier is om voor gebid te word vanmôre, om genees te word, moenie nie sê nie: "O, as ek by die . . . daarbo kan kom om voor gebid te word, kan Broer Branham vir my bid, iemand anders *hierdie, daardie* kan doen, of . . . " Plaas jou vertroue in Hom alleen. Staan daar, weet dat Hy opgestaan het uit die dood, die onfeilbare belofte gemaak het, en dit kan nooit faal nie. God se Woord! Sien julle dit?

53 Let op. En soos hulle aangegaan, en gedink het, het Hy aan hulle verskyn, en saam met hulle geloop, en hulle het Hom nie herken nie.

54 Wel, daar was baiekeer, wat God reg saam met jou geloop het, en jy dit nie herken het nie. Wie het gekeer dat jy 'n ongeluk maak nou die dag? Wie het *dít* gedoen? Wie? Wie was dit daarbuite by die hospitaal, toe die dokter gesê het: "Wel, daar is skaars enigiets, meer, wat ek kan doen," en jy gesond geword het? Wie het dit gedoen? Waar het dit vandaan gekom? Jy het dit nie herken nie, maar dit was Sy genade. Dit was Hy wat hierdie ding vir jou gedoen het.

55 'n Dametjie, mag nou teenwoordig wees. Ek weet nie. Sy het net daar oorkant die straat gewoon. Sy behoort teenwoordig te wees as sy kon inkom, tensy sy vir 'n buitestaander haar plek gegee het; 'n Mev. Reece. Ek onthou die tyd toe ek daaronder na die hoek toe gegaan het, toe Mnr. Andrews langs my gewoon het, oorkant die straat. En daardie man het vir my gelag, op die

hoek, toe ek daardie aand gegaan het, toe sy daar gelê het. Reg oorkant die straat, hier, op die hoek, dis waar sy gewoon het toe sy siek was. En sy is soontoe geneem daarbo op Silvercrest, om te sterf, aan TB. En haar longe was heeltemal opgevul. Toe, Mev. Grace Weber, reg . . . tweede deur hier, eerste deur bokant die kerk, genees is, van TB, net op dieselfde tyd.

56 Ek glo, ek sien die suster hier sit, wat genees was van kanker, niks meer as 'n geraamte was toe die dokter haar weggewys het nie. 'n Mejuffrou . . . wat hier sit met 'n pienk blom aan jou. Wat . . . ? Weaver, is dit reg? Ja. Paar jaar gelede, het die kanker regdeur haar gegaan, haar opgevreet. Genees, van kanker, omdat die Here 'n visioen gewys het onder by haar huis, en gesê het: "SO SPREEK DIE HERE. Jy sal nie sterf nie." Ek het haar gedoop in hierdie bad water, toe ek haar moes vashou; haar arms was nie eens *so* dik nie. Hier is sy, lewendig, vandag nog, en dit was jare gelede.

Hoeveel kan ek nog sê hierbinne, die dowes, stommes, blindes, kanker-opgevrete, ensovoorts, wat God genees het omdat God die belofte gemaak het!

57 Daardie aand, terwyl ek gebid het vir die dame oorkant op die hoek, het die Heilige Gees afgekom. Sy het haar kindertjies om haar gehad, en haar man het daar gesit. En die Heilige Gees het gesê: "SO SPREEK DIE HERE. Sy gaan gesond gemaak word."

58 Die volgende oggend, het Mnr. Andrews, 'n totale ongelowige, my op die hoek ontmoet, en my uitgeskel. Gesê: "Prediker, skaam jy jou nie?" Ek het 'n ou verslete oorpak aangehad, van die winkel af gekom, om 'n paar rolletjies vir ontbyt te kry. En hy het soontoe gegaan, en hy het gesê: "Skaam jou, daardie familie so te mislei soos dit! En daardie arme ou moedertjie wat daar lê met daardie kinders, op sterwe; en jy wat vir haar sê, met 'n leuen, dat sy sou lewe!"

Gesê: "Meneer, ek het dit nooit vir haar gesê nie. God het dit gesê, en Sy Woorde is waar."

Gesê: "Skaam jou! Daar is glad nie so-iets soos God nie; net jou opgewerkte verstand en emosie." O, goeiste!

59 'n Paar dae daarna, toe sy vrou siek geword het by die hospitaal hier; julle ken die storie, meeste van julle. En hy na my toe moes kom, en te gaan bid vir haar, 'n baie bekende Christenvrou. Ek het gesê: "Suster . . . " Gelê . . . My vrou, wat hier iewers is, as sy in die gebou ingekom het vanmôre. En ons het haar gaan sien. En daar was sy, geswel, het niks eens geweet nie. Die dokters van Louisville het gesê, dat: "'n Groot bloedklont sal na haar hart toe gaan, en sy sou net enige oomblik dood wees."

60 En hy het gekom, met sy hoed afgetrek, aan die huil. Hy het gesê: "Prediker, ek was 'n ongelowige. Maar as God my vrou kan

help . . . ” Hy het gesê: “Daardie vrou waarvan jy daardie gesê het, is op en wer- . . . doen haar huiswerk.”

Ek het gesê: “Sekerlik.” Sy lewe, nogsteeds, vandag, en dit was agt of tien jaar gelede. En sy lewe nog.

En die vrou het gesê . . . Soos hy oorgekom het, net begin huil het, hy het gesê: “Sal jy vir haar gaan bid?”

Ek het gesê: “Ja, meneer. Maar ek wil hê jy moet hier bid, eers, en Hom laat sien.”

Ons het uitgegaan na die hospitaal, en daar het sy daar gelê, op sterwe, heeltemal opgeswel. Haar lippe wat omgedop was, soos daardie.

61 En vrou was lief vir haar. En ons het gekniel, sy was ’n lidmaat van die Christenkerk in Virginia. En ons het gegaan en gekniel, en vir haar gebid. En toe ons gebid het, het ’n visioen oor haar gekom. Ek het myself sien sit, terugleun op daardie stoep net daar, besig om ’n groot appeltert te eet, soos *hierdie*, in my hand. Want, sy was ’n beroemde kok. Ek het opgestaan, en ek het gesê: “Skat, SO SPREEK DIE HERE. Sy gaan lewe.” En toe sy het . . . En, twee ure van toe af, moes hulle die spesialis van Louisville skakel, al die water het uit haar uitgegaan en al die res. En die spesialis het gesê: “Iemand was hier, behalwe die dokter.” Wat was dit? Christus. Hy lewe.

62 Twee weke daarna, het ek verby die man gegaan op dieselfde hoek. Ek kyk nou na die boom. Hy het daar gestop. Ek het gesê: “Mnr. Andrews, ons het voorheen hier ontmoet.”

Hy het gesê: “Ja, ons het, prediker.” Hy was ’n wetenskaplike, ’n botanis.

63 En ek het gesê: “Wat dink jy nou daarvan?” Hy het oorkant na daardie groot boom gekyk waarna ek nou kyk, hy het gesê: “Prediker, bou vir my ’n boom.” O, dit kan nie gedoen word nie. Maar, omdat God, omdat Christus opgestaan het uit die dood, dis reg. Hy is met ons.

64 Mev. Reece, as sy teenwoordig is, sy het my hier, onlangs vertel, was sy en haar dogter oorkant die rivier. En hierdie arm ou vrou wat onder op die hoek gebedel het. Sy het ’n tien-sent gehad om mee terug te gaan, so sy het verbygeloop. En die Heilige Gees het vir haar gesê: “Gaan terug en gee vir daardie arm ou vrou daardie tien-sent.”

“Wel,” sy het gesê: “dis al wat ek het, om die oor die rivier te gaan.” Hy het gesê: “Ek is die Here.” Amen.

65 Sy het teruggegaan en gesê: “Suster, vergewe my,” haar arms om haar gesit. Gesê: “Die Here het vir my gesê om terug te kom en vir haar te gee . . . vir jou hierdie tien-sent te gee.” Haar moeder het gesê.

“Moeder, hoe gaan ons by die huis kom?”

Sy het gesê: "Dit hang van God af. Miskien kan ons oor die brug loop."

66 En toe hy . . . omgedraai, omtrent 'n halwe stadsblok ver geloop, net voor hulle by die stasie aankom, waar hulle moes opklim, het haar dogter gesê: "Kyk, hier, moeder, hier lê die tien sent in die straat."

Wat was dit? Christus. Hy is baiekeer by jou en jy weet dit nie. Dis Hy. Volg net die pad wat Hy jou lei.

Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Ek gaan met Hom, heel die weg,
Al lei dit deur valleie donker en vol skadu,
Sal Hy elke dag met my wees.

67 Dis reg. En soos Hy afbeweeg het, het Kléopas-hulle . . . Kyk. Toe Christus begin praat het, het Hy nooit begin tekere gaan op een of ander manier nie. Hy het nooit afgegaan oor een of ander soort teologie nie. Hy het die Skrif oopgemaak. Dis hoe Hy dit steeds, vandag, doen. En Hy het begin, Hy het gesê: "O onverstandiges van hart," gesê: "waaroor is julle so bedroef?"

68 Gesê, hulle het gesê: "Is U alleen 'n vreemdeling, Meneer?" Alle mans het dieselfde gelyk. Hy het nie aangetrek soos 'n rabbi of 'n priester nie. Hy het aangetrek soos 'n gewone man. So toe Hy . . .

Hy het onder hulle gewandel. Hulle was saam met Hom vir drie-en-'n-half jaar, en hulle het Hom steeds nie herken nie.

Hy het gesê: "Wel," het Hy gesê: "waarom is julle harte so traag?"

69 Gesê: "Wel, is U 'n vreemdeling?" Gesê: "Weet U nie dat Jesus van Nasaret, Wat ons verwag het sou Koning word, doodgemaak en begrawe is, en hierdie al die derde dag is nie?" Hy het gesê: "En nou het ons selfs 'n paar vroue gehad wat na ons toe gekom het vanmôre, gesê het hulle het 'n visioen van 'n paar Engele gesien het, en ons het ons net nie daaraan gesteur nie." En gesê: "Al hierdie dinge gaan rond in Jerusalem, soos dit is."

70 Hy het gesê: "Waarom is julle harte so traag? Waarom is julle so dwaas? Het julle nie die profeet geglo nie?" O, goeiste! "Kan julle nie die Woord glo nie?" Gesê: "Weet julle nie dat al die profete gesê het dat Christus eers moet ly en dan in Sy heerlikheid ingaan nie?" En Hy het begin by Moses, dis Genesis, en vir hulle verduidelik soos hulle aangestap het langs die pad, al die gebooie van die Ou Testament, wat moes plaasvind.

71 Sou julle nie graag in die geselskap wou gewees het daardie oggend nie? Maar, julle is, vanmôre. Hy is net so lewendig vandag as wat Hy toe was. Hy het gesê: "Ek is Hy Wat dood was, en lewe vir ewig. En omdat Ek lewe, sal julle ook lewe." Julle is . . .

72 Nie net is Hy lewendig hier nie, maar jy is lewendig saam met Hom. Hierdie groot hoop wat jy in jou hart het, laat jou

lewe. Tot, die dood self niks het wat 'n skaduwee kan gooi oor daardie pragtige hoop wat oorkant in Christus Jesus rus, vir elke gelowige nie. "Al was hy dood, tog sal hy lewe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie," het Hy gesê. O, toe Hy na Lasarus se graf toe gegaan het, is hierdie Woorde gespreek, in Johannes 11.

Nou, soos Hy aangestap het, en na 'n rukkie, het Hy gemaak asof Hy sou aangaan verby die plekkie.

73 Julle weet, Hy doen dit partymaal. Het jy al ooit daaraan gedink, moeder, jy in die rolstoel, en net gelyk asof Hy jou sou verbygaan? Jy al ooit daaraan gedink, broer, suster? Julle mense daarbuite, wat vandag weggewys is, met kanker. Die dokters het jou weggewys; niks wat hulle kan doen nie. Julle wat sê: "Wel, as . . ."

74 Daardie vrou wat daar sit, was net 'n skaduwee, en die beste dokters, en die kanker was eers in die baarmoeder, nie waar nie, suster? In die ruggraat ingegaan, en die gate was selfs gevreet in haar dermkanaal en goed in. Hoe kan sy lewe? Dis wat haar dokter vir my gesê het: "Hoe kan sy lewe?"

Ek het gesê: "Omdat Hy lewe, dis hoekom. Dit was nie vir my om te bevraagteken nie. Dis vir my om dit te glo." Dis reg.

75 Gesê: "SO SPREEK DIE HERE, suster. Ek was nog nooit in jou plek nie, maar daar's 'n hoenderhokkie hieragter. Binne drie dae sal jy dit besoek." Sy het. Dis reg. En sy is nogsteeds hier, vanmôre, omdat Hy lewe.

76 Hy het gemaak asof Hy haar gaan laat sterf. Toe ek na haar huis toe gekom het, het sy gesê: "Prediker, ek's nie waardig dat 'n prediker in my huis sou inkom nie, want ek's 'n sondaar."

77 En ek het gesê: "Dis waarvoor Jesus gesterf het, vir jou, sondaar." Sy reputasie word gebou waar sondaars is. Dis reg. Sy reputasie word nie geskaad deur sondaars nie; dit word gebou, op sondaars. Dis selfregverdiging waar Hy geskaad word, dis reg, dat jy nie jouself wil verneder voor Hom nie.

78 Let op. En Hy het gemaak of Hy sou verbygaan. Pa, jy met die hartprobleme; ma, jy met die kanker, wat gaan sterf. Jy weet jy moet sterf. Miskien . . . Jy sê: "Wel, ek was my hele lewe lank 'n Christen, Broer Branham. Hoekom sou dit gebeur? Ek het Hom gevra." Maar miskien het Hy net gemaak of Hy gaan verbygaan.

79 Dit is wat Hy met Kléopas-hulle gedoen het. Hy het gesê . . . gemaak asof . . . Hy het, die heeltyd, geweet Hy sou ingaan. Hy het, die heeltyd, geweet Hy sou saam met hulle gaan. So Hy het gesê . . . Hulle het gemaak asof Hy sou verbygaan, en hulle het by Hom aangedring. "Kom in. Ons is lief vir U." Dis die manier. "Kom in en vertoef by ons."

80 Kan jy dit vandag doen? Kan die Metodis dit doen? Die Baptis, die Presbiteriaan, die Nasareners, die Pelgrim Heiligheid, die Katoliek, die Lutheraan, kan julle dit doen?

Ongeag van wat kerk sê! "Kom in en vertoef by My, op hierdie opstandingsmôre." "Kom en vertoef by ons."

81 Hy word nooit gevra sonder dat jy ontvang nie. Hy het gesê: "Vra, en jy sal ontvang; klop, dit sal oopgemaak word; soek, en jy sal vind. Want, elkeen wat soek, vind; vir hom wat klop, sal dit oopgemaak word." Dis reg. "Vra, en jy sal ontvang." (Geen "*miskien* sal jy" nie.) "Jy sal ontvang."

En hulle het Hom gevra: "Kom in saam met ons."

82 Hy het omgedraai, teruggekom, in die hutjie ingeloop. Dit mag 'n huisie langs die pad gewees het, soos baie van die Siriese lande daar daardie huisies het, wat van modder ensovoorts, stokke gemaak is; armoedig. Waarom sou die Koning van die Heerlikheid ooit so laag daal om in so 'n plekkie in te kom?

83 Maar, daar is nooit 'n plek wat te—te klein is; daar is nooit 'n kerkie wat te klein is; daar's nooit 'n persoon te verworpe deur die wêreld; daar's nooit 'n vrou te gevalle; daar is nooit 'n man te dronk; dat Hy nie sal kom as Hy gevra word nie. Sekerlik. Vra Hom en vind uit. Mag ek dit sê, dit vir laaste gehou. Daar is nooit 'n persoon wat te siek is, daar is nooit 'n persoon wat te ver heen is nie. "Vra, en jy sal ontvang. Laat My inkom, My intrek by jou neem. Ek sal graag 'n paar minute met jou wil praat."

En hulle het Hom ingenooi. Hy het ingekom. En toe aan die binnekant, en die deure van die wêreld toe, alleen met Jesus . . .

84 Daar het julle dit. As Hy jou net eenmaal alleen kan kry. As Hy jou net van die skare af kan wegkry, die plesier-soekende skare. As Hy jou net van die twyfelaars af weg kan kry wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby." As Hy jou ooit weg kan kry van die mense af wat sê: "Daar is geen gevoel van godsdiens meer nie. Die hartlike godsdiens waarvoor ons vaders op die slagveld gebloei het, daar's niks daaraan nie." As Hy jou ooit een keer alleen kan kry, een keer, en jou . . . al jou idees uitgesluit. Hy ooit 'n groep mense soos daardie bymekaar kon kry; sou daar 'n herhaling van Pinkster wees. Hy ooit 'n kerk soos dit kon kry, sou daar 'n herlewing wees wat deur die volk sou trek. Kom alleen by Hom uit.

85 Terwyl Hy alleen was, die deure toe, die wêreld buite, het Hy brood opgetel en Hy het dit gebreek. En net die manier wat Hy dit gedoen het, het hulle geweet dit moet Hy wees. Hulle oë is oopgemaak, hulle het heeldag met Hom gepraat. Hulle het gemeenskap gehou. Hulle het Hom hoor preek, langs die pad, deur die reis, van die hitte van die dag. Maar eenkant op hulle eie, toe het Hy Homself aan hulle bekend gemaak. Hulle oë het oopgegaan.

86 O, as Hy net hierdie groep mense, in hierdie uur kan kry, as Hy julle net op 'n plek alleen kan kry, waar julle nie sal oplet . . . Sê: "Ek sit langs 'n Metodis, vanmôre, en ek's 'n Baptis." Wel, jy moet dit nie doen nie. Jy moet die wêreld uitsluit, sluit die ander mense uit. Jy moet alleen met Christus wandel. As Hy jou ooit alleen kry, dan gaan jou oë oop. Sê: "Wel, dit was toe al die tyd Hy gewees." Dan sal Hy iets hier doen vanmôre, soos wat Hy dit altyd gedoen het, en soos Hy dit vandag doen. Want, Hy moet dieselfde ding vandag doen wat Hy toe gedoen het, volgens dieselfde beginsels optree, of Hy is nie dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie, en Hy het verkeerd gedoen toe Hy daar opgetree het. As Christus, in die . . .

87 Hier is dit. Verstaan dit. Christus het, by die eerste opstanding, en Homself bekend gemaak aan hierdie apostels, deur iets te doen wat Hy gedoen het toe hy hier op aarde was, om vir hulle te bewys dat Hy opgestaan het uit die dood, en dit Hy was; is Hy onder dieselfde verpligting om vanmôre in hierdie tabernakel te beweeg, om dinge hier in hierdie kerk te doen, vanmôre, wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, op dieselfde manier. Hy is verplig om, op dieselfde manier, op te tree, wanneer dieselfde krisis ontstaan.

Nou vir nog 'n paar oomblikke, as julle dit sal verduur, wil ek—ek sê . . . by my ander Skrif uitkom, vinnig.

88 Hy het opgestaan uit die dood. Die hoogste van die Hemel het die laagste, die aarde geword. Hy het deur 'n stad gegaan, Jerigo, die laagste stad in die wêreld, en die kleinste mannetjie in die stad moes afkyk om Hom te sien. Dis reg. Hoe laag het Hy gekom! Het julle al ooit daaraan gedink? Hy het ek geword, sodat ek, deur genade, Hy kon word. Hy het sonde geword, sonder om enige sonde te ken, sodat ek, deur sonde, geregverdig kan wees in God se oë. Dis wat Hy vir jou gedoen het. Dis wat Hy vanmôre vir jou gedoen het, sondaarvriend. Hoe kan jy Hom weier?

Nou let op. Nou, dit was Sy . . . Sy aardse werk was voltooi. By die opstanding, het Hy alles bewys wat Hy gesê het.

89 Nou het Hy 'n ander werk om te doen, waarvan die wêreld min weet, dis reg: Sy volgende werk, in Sy hemelvaart. Ons wil vir 'n oomblik daaroor praat.

90 Nadat Hy opgestaan het uit die dode, na Hy alreeds hier op aarde was, en Homself as lewendig bewys het deur onfeilbare bewyse, dat Hy dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was in die vlees. En hier loop Hy, breek brood, en eet saam met hulle, o, dieselfde Jesus. Hy het dit bewys.

91 Nou het die hemelvaart gekom. Nou kom die tyd. Het julle ooit geweet? Die Bybel het gesê, dat: "Hy het opgevaar na Bo," ver bokant elke—elke . . . deur elke hemel.

92 Hierdie aarde het aan die duiwel behoort. Deur die val, is hierdie aarde aan die duiwel gegee. Elke koninkryk van hierdie

wêreld word deur die duiwel bestuur. Ons haat dit om so te dink, maar die Bybel sê dit is. Dit, dis hoekom ons oorloë, en skietery, en gevegte, en probleme het, is omdat die koninkryke van hierdie wêreld die koninkryke van die duiwel is. Die Bybel het so gesê. En in die groot Millennium wat gaan kom, het die Bybel gesê: "Juig, die hele hemel, en julle heilige profete van die aarde, want die koninkryke van hierdie aarde het die koninkryke van onse Here geword. En dit . . . en Hy—Hy sal heers en regeer vir ewig." Nou, hulle "sal word." Dan sal ons geen oorlog meer hê, wanneer Hy kom nie; geen siekte, geen probleme meer nie.

Nou let op, toe Hy gesterf het . . .

93 Daar word so min gepraat van hierdie hemelvaart. Dis een van die grootste dae, toe Hy opgevaar het. Want, regoor die aarde, vanaf die dag in die tuin van Eden, toe daar gesondig is, is die hele hemel afgesluit van die mensdom.

94 "Satan is die prins van die mag van die lug." Dis reg. "Waarom het jy uit die hemel geval, O Lucifer?" Niemand kon in die Heerlikheid in sien nie. Niemand kon verstaan nie, want die krag is net bokant dit. *Hemel* beteken "atmosfeer aan die bokant." En toe is al hierdie kragte verberg van die mensdom, as gevolg van sonde.

Maar toe Hy gesterf en weer opgestaan, en opgekom het, het Hy . . . Die Bybel het gesê: "Niemand het opgevaar behalwe Hy wat eers neergedaal het nie."

95 Toe Hy in die Hemel was, was Hy die "Logos" wat uit God uitgegaan het, in die begin. En Hy het afgekom na die aarde, en moes nie 'n Engel gemaak word nie. Hy het afgekom na die aarde en die vorm van 'n slaaf aangeneem, nie 'n Engel nie; nie afgekom in die groot Jehova Heerlikheid nie. Maar Hy het afgekom as 'n Mens, om die mens te verlos, om te sterf vir die mens, om te sterf vir . . . as 'n mens. Hy het nooit gesterf as God nie. Hy het gesterf as 'n mens. Die sonde van die mens was op die Seun van die mens. En Hy moes 'n Mens word, om die prys te kon betaal.

96 Wat het Hy gedoen? Die Bybel het gesê: "Hy is 'n bietjie laer as die Engele gemaak, as gevolg van die dood. Sodat Hy sonde kon wegneem en vernietig," en siekte van die wêreld kon wegneem. Nou, toe Hy afgekom het uit die hoogste: "Logos," van God af, het Hy afgekom deur Engele, en het afgekom en het 'n Mens geword. En Hy het gesê: "Ek is nie eers 'n mens nie. Ek is 'n wurm, en nie 'n mens nie." Want: "Hy is verag en verwerp. Daar was geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie. Hy is geskend bo elke mens." Hy was waarskynlik 'n klein, skraal, maer Kêreltjie. Het nie soos 'n Koning gelyk nie.

97 Baiekeer oordeel mense ander mense oor hoe hulle aantrek of volgens hulle statuur. Die mens word nie geoordeel deur hoe groot hy is of hoe groot sy spiere is nie. Die mens word geoordeel aan karakter, en net karakter. Ek het mans gesien

wat tweehonderd pond geweeg het, wat nie 'n ons man in hulle gehad het nie. Die mens word geoordeel aan karakter, wat hy in sy hart is.

98 En Christus is nie geoordeel aan 'n fisiese krag nie, maar Hy is geoordeel aan karakter. Daar het nooit het 'n mens gelewe soos Hy, of kon 'n mens ooit sterf soos Hy nie. Nooit kon 'n mens opvaar na Bo soos Hy nie, want Hy was God.

"Ek is nie 'n mens nie."

99 "Hy het Homself van geen reputasie gemaak nie." Het julle al ooit gedink? Die man wat 'n kunsmatige oog gemaak het, het 'n reputasie gemaak; die man wat die vals tande gemaak het, het 'n reputasie gemaak; die man wat die hout-arm gemaak het, het 'n reputasie vir homself gemaak. Maar die Man Wat die oorspronklike oog gemaak het, die Man Wat die oorspronklike arm gemaak het: "het vir Homself geen reputasie gemaak nie," maar het 'n Dienskneg geword, 'n Slaaf, vir mense wat sondaars was, dat Hy hulle mag terugwen.

100 Hoe kon 'n mens by sy regte verstand, die Evangelie Waarheid daarvan ken, en die Man verwerp, die aanbod verwerp wat God gegee het, om die man te red van 'n lewe van sonde? Hoe kan hy dit doen? Ek kan dit net nie verstaan, hoe jy so Iemand kan verwerp nie. Wanneer, Hy nie hier is om enigiets te maak wat jy moet doen vir Hom nie, maar jou net 'n manier aan te bied om te ontsnap van die dinge waarnatoe jy gaan, en dit vir jou geword het.

101 Toe Hy het, toe Hy oorkant op Golgota gesterf het, het alles Hom verwerp. Hulle het op Hom gespoeg. Hulle het. . . Sy—Sy gesig was vol bespotting-spoeg. Hulle het 'n lap om Sy oë gehad. Hulle het Hom op die kop geslaan, en gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het."

'n Vroutjie het tussen hulle ingehardloop, en gesê: "Wat het Hy gedoen behalwe om julle siekes te genees en julle dooies op te rig, en goed te doen?"

Hulle het haar op die mond geslaan, en gesê: "Sal julle na daardie vrou luister in plaas van julle priester? Weg met so 'n persoon!"

102 En Sy Eie dierbare moeder, wat in Sy bloederige voetspore geloop het, (God, laat ek dieselfde pad loop!), soos Hy oorkant na Golgota toe gegaan het, het diep in haar hart gewonder. Toe sy haar Lieflingskind oorkant sien sterf het, 'n Man drie-en-dertig jaar oud; en soos vyftig gelyk, het die Bybel gesê, as gevolg van Sy spanning, en waar Hy waarskynlik al grys geword het. En die stroewe trek op Sy gesig, soos Hy gely het; nie so seer fisies nie, maar dit was pyn.

103 Die Bybel het gesê Sy Bloed en water het van mekaar geskei. En enige dokter, enigiets, kan vir jou vertel, wat die chemie van

bloed ken, dat net droefheid dit sal doen. Hy het nooit gesterf van 'n Romeinse spies nie, Hy het ook nie gesterf van 'n spyker wat in Sy hand of Sy voete ingekap was nie. Maar Hy het gesterf as gevolg van 'n gebroke hart; van verwerping. "Hy het na Sy Eie toe gekom; Sy Eie het Hom nie ontvang nie."

104 Gesê: "Broer Branham, ek wens ek kon daar gestaan het daardie dag by Golgota." Broer, jy staan op 'n beter plek vandag. Jy staan in die Teenwoordigheid van 'n herrese Here Jesus, Wat Homself as triomferend bewys het.

105 Kyk na Hom soos Hy daar staan. Toe, nadat Hy opgestaan het uit die dood, dan let ons hier op, dat, soos Hy toe verder gegaan het. Na Hy met Sy dissipels gepraat het, het die Bybel gesê: "Hy het opgevaar omhoog." Wat het Hy gedoen? Hy het geneem die . . .

106 Hy was hier, het afgekom, as die "Logos," uit die Hemel. Toe Hy teruggegaan het, het Hy saam met Hom geneem, die Hoëpriester, as 'n Hoëpriester, gesalf met die fakkel van Sy Eie Bloed.

107 Toe Hy daar ondertoe gegaan het, al hierdie magte hier wat aangekla het, God en die mens nie wou laat gemeenskap hou nie. Dit was gebreek in die tuin van Eden. Sonde het die ding gedoen. Satan het gehad 'n . . . Die domein van hierdie aarde was Satan s'n. Dit het aan die duiwel behoort.

Maar toe Hy gekom het, die gesalfde Hoëpriester . . .

108 As die hoëpriester, het Aäron in die Allerheiligste ingegaan agter die sluier in, gesalf met die kosbare salwings-olie, deur op 'n sekere manier te loop, gespeel: "Heilig, heilig, is die Here," soos hy ingeloop het, as 'n tipe van Christus, met die bloed van die lam voor hom. En as hy op enige ander manier ingegaan het, sou hy gesterf het.

109 Christus het, met Sy Eie Bloed, as 'n Hoëpriester gesalf met die krag van God, opgestaan uit die dood, en die heerskappy van Satan verbreek. Soos Hy sy domein verbreek het, het Hy deur die hemele van hemele gegaan. En Hy het na die laagste op aarde toe gekom. En is ontvang bo in die Hemel, en God het Hom op 'n bopunt gesit, totdat Hy moet afkyk om die Hemel te sien. Amen. Geen wonder, Hy's die magtige Oorwinnaar nie, soos Hy vandag daar staan, in die domein vir ewig en ewig.

110 Jesaja het gesê: "Vir ons is 'n seun gebore, vir ons is 'n kind gegee, en sy naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, sterke God, Die ewige Vader. En aan Sy heerskappy sal daar geen einde wees nie." Vir ewig en ewig, sal Hy heers op die troon van Dawid, gesetel in die hemele van hemele, ver daar bo.

111 Elke engel, aartsengel, elke owerheid en mag, het Hy afgebreek en verbreek, by Sy kruisiging en opstanding, alles wat Satan gehad het. Hy het deur die sluier van sonde gebreek. Hy

het dit middeldeur geskeur, met die Hoëpriester se Bloed van Sy Eie liggaam.

112 Hy het by die volgende gekom. Wat was dit? Dit was 'n sluier van siekte wat oor mense gehou is. Hy het dit uitmekaar uit geskeur. Want: "Ter wille van oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hy het deur die groot sluier daar oorkant gegaan, van siekte, die groot sluier van sonde. Hy het deur die groot sluier van bekommernis gegaan. Hy het deur die groot sluier van vrees gegaan. Hy het elkeen van hulle afgebreek.

113 En het so hoog opgevaar, en die Naam ontvang bo elke naam wat in die Hemele genoem word, of onder op die aarde, of in die wêreld wat sal kom. God het daardie lieflike Een geneem Wat so laag gedaal het, so laag dat Hy nie eers 'n plek gehad het om gebore te word, of 'n plek om te sterf nie. God het Hom opgehef na Bo, en vir Hom 'n kroon van Heerlikheid gegee, onder 'n Naam bo elke naam.

114 Daar sit Hy vandag, die magtige Oorwinnaar, na Hy elke sluier middeldeur geskeur het. Die sluier van sonde was middeldeur geskeur. Die sluier van siekte was middeldeur geskeur. En elke sluier wat die mens weggehou het van God af, is middeldeur geskeur. "Ek is die Weg, die Waarheid, en die Lewe." Hy het elke mag verbreek. Hy het elke duiwel verstrooi. Hy het 'n soeklig gemaak, van die Heerlikheid af, daardie dag.

115 En, o, die ou profeet, toe hy daar gaan lê het op die—op die bed van klip daardie nag, en 'n klip sy kussing was, het hy die Engele sien op-en-af gaan.

116 Let op, in die eerste plek, het dit op-en-afgegaan; maar hierdie keer was dit God en die mens, wat op-en-afgegaan het, op Jakob se leer, soos ons dit sou noem. Toe Hy elke mag verbreek het, elke owerheid beveg het, en sit aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, ver bokant alles.

117 Die kanaal van die Heilige Gees in hierdie donker wêreld lê oop, vir "wie ook al wil" mag kom en gedoop word in hierdie groot kanaal van Sy seëninge, en die verlossing-seëninge ontvang waarvoor Hy gesterf het.

118 Mans en vroue, hoe kan julle so Iemand weier, wanneer Hy daar geklee sit in Sy Majesteit? Hoe Hy in Sy Heerlikheid sit vanmôre! Wat doen julle?

119 Hier het Hy na die wêreld toe gekom, haweloos, om 'n weg te maak vir hawelose mans en vroue. Waar mans en vroue, wat geen hoop het nie, vir mans en vroue wat geen plek het om na toe te gaan nie, waar hawelose dwalendes wat plesier-mal is, wat vandag saam met jou in die strate loop, in perdewedrenne, dobbelarye, ensovoorts, om 'n troos te probeer vind, Hy het 'n plek vir hulle gemaak, elke mens. En dis net so vry soos wat die water loop: "Wie ook al wil, laat hom kom."

120 Jy kan nie buite hierdie sluier uitloop nie. Jy moet hier inkom, om uit te vind. Jy moet hier kom, waar daar niks tussen jou en God is nie, waar Engele van God op-en-af kan gaan, heen-en-weer, die Boodskappe van God bring, heen-en-weer, na die individu toe. "Daar's niks tussen my siel en die Verlosser nie," het die digter gesê.

121 Daar sit Hy, die magtige Oorwinnaar! Hy het elke sluier in twee geskeur. Hy het die sluier geskeur, dat jy gered kon word. Hy het die sluier geskeur, dat as jy owerspel gepleeg het. As jy gevloek het, as jy enigiets verkeerd gedoen het, het Hy daardie sluier vir jou geskeur. Daardie stok wat Satan oor jou hou, Hy het dit geskeur, as jy Hom net sal ontvang. As jy siek is vandag, en die dokter sê jy kan nie gesond word nie, het Hy daardie sluier in twee geskeur. En alles is gebreek voor God. Hy het elke sluier geskeur. Hy verbreek elke heerskappy. En Hy sit daar, vandag, die magtige Oorwinnaar, na Hy die sluier in twee geskeur het.

122 Kyk net 'n oomblik, my vriend. Nie net was Hy toe daar, verskyn aan Kléopas op sy pad na Emmaus, hy en sy vriend nie. Maar eendag, toe 'n klein martelaar, die eerste martelaar in die Bybel, die Nuwe Testament, besig was om te sterf, klein Stefanus; omdat hy daar gestaan het, ernstig . . . Broer Stefanus is in daardie kanaal ingebring waar hy vir God geken het. "Hy is vervul met die Heilige Gees," het die Bybel gesê. En toe hulle hom aangekla het, en die Sanhedrin howe daar gestaan het en hom aangekla het, en hy het daar gestaan soos 'n Engel, gesig ernstig, geweet waar hy was. En hy het gesê: "Julle manne van Israel," met hulle begin praat: "watter een van julle vaders het nie die profete vervolg nie?" Toe het hy gesê: "Julle stywe nek, onbesnede, van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle vaders gedoen het, so doen julle ook."

123 En om daardie bloed te vergeld, van daardie regverdige martelaar wat daar gestaan en hulle vertel het wat reg en verkeerd was, en hulle, om daardie bloed te vergeld, het hulle hom gesleep, soos 'n klomp wolwe wat 'n lam sleep. En toe het hulle hom op die grond gegooi, en yslike groot klippe geneem en hom op die kop begin slaan daarmee, soos *daardie*. Klein Stefanus, wat vol was van die Heilige Gees, het die Bybel gesê: "Hy het stip na die Hemel gekyk, sy hand opgelig, en gesê: 'Ek sien die hemele geopen, en ek sien vir Jesus aan die regterhand van God staan.'" Wanneer 'n hoëpriester . . .

124 Wanneer enige man sy werk klaargemaak het, gaan sit hy. Wanneer ek ophou preek, gaan sit ek, maar nie totdat ek klaar gepreek het nie. Wanneer jy werk . . . Wanneer jy gaan sit, is jou werk klaar. [Broer Branham klop een keer op die preekstoel—Red.]

125 Jesus het gaan sit aan die regterhand van die Heerlikheid. Maar toe Hy hierdie eerste martelaar sien sterf het vir die saak

van Christus, het die verrese Here Jesus die hemele teruggevee, en Hy moes opgestaan het van Sy Troon om vir klein Stefanus 'n spesiale verwelkoming te gee, om hom Huis toe te bring.

126 Daar is Hy, opgewek uit die dood! Sy domein strek van Ewigheid tot Ewigheid. Hy is ver bo elke Engel, elke owerheid, alles wat daar in die Hemel is. O, Sy Hemel is Sy Troon, is ver bo die hemele van die Hemel. God het hom opgerig.

127 Paulus, toe hy nog Saul van Tarsus was, op sy pad met 'n brief in sy sak, om al daardie mense te gaan vervolg, wat geskree en al daardie geraas gemaak het. Onder, op sy pad na Damaskus, het hy op sy perd gery, daardie dag, met 'n dreigement in sy eie keel: "Ek sal elkeen van daardie holy-rollers opsluit. Ek sal al hierdie Goddelike genesing en al hierdie onsin stop wat hier aangaan."

128 Maar op sy pad af ondertoe, en net op sy perd aan die ry, het hy van die perd afgeval op die grond, en daar het hy omgeval. En hy het opgestaan, en daar was 'n groot, helder Lig wat daar voor hom gestaan het, wat selfs sy oë verblind het. Gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

"Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus vir Wie jy vervolg." Hy het Hom gesien, in Sy ewigdurende, eindelose domein.

129 Toe die baie ou siener, Johannes, die beminde, daarbuite op die eiland van Patmos gestaan het, vir die verkondiging van die Woord van God, vir die verkondiging van Goddelike genesing, vir die genesing van die siekes, en vir die dinge doen wat Christus vir hom gesê het om te doen. En hulle hom uitgeneem het na die eiland van Patmos, 'n eilandjie buite in die Egeïese See, omtrent vyftien myl in omtrek, rondom, vol rotse, soos nou by Alcatraz. Slange en goed het op die eiland gelê. Hy was soontoe verban as gevolg van die verkondiging van die Evangelie. En toe die bejaarde, beminde ou siener, in sy negentigste jaar, daarbuite op 'n rots gesit het, een pragtige opstandingsmôre, het hy Hom gesien. Hy het Hom gesien.

130 Hy het gesê: "Ek het die Stem van 'n basuin gehoor. En toe ek omgedraai het om agter my te kyk, het ek Een soos die Seun van die mens gesien." Gelyk soos Hy gelyk het. Hy het nie enige gehad . . . Sy oë was nie toe vol trane nie. Hy sê: "Sy oë het geskyn soos die son in die middel van die dag." Die middel van die Siriese son kon nie helderder as Sy oë skyn nie. Hy het gekyk terwyl Hy afkyk; geen trane meer in Sy oë nie. Hy is verheerlik, vanmôre. Sy voete het gelyk soos pilare van koper; geen spykers sal meer in hulle ingekap word nie. Nooit 'n bloederige lok nie; maar dit was so wit soos die sneeu. Hy's verheerlik. Hy lewe vir ewig.

131 Hy is die magtige Oorwinnaar. Sy domein is van ewigdurend tot ewigdurend. Sy afgevaardigdes is hulle wat Hom liefhet en gewillig is om vir Hom te sterf. Hy het opgestaan uit die

dood, vanmôre, en lewe onder ons. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Sal ons bid. [Leë kol op band—Red.] Pianis, as jy asseblief, na die klavier toe kan gaan.

Vanuit Sy Glorie, steeds lewend' storie,
Moes God my Redder kom, en Jesus noem hul
Hom.
In 'n stal gebore, vir Sy Eie nie beskore,
'n Man van smarte, trane en foltering.

O, hoe lief het ek Hom! Hoe bemin ek Hom!
My lewe, my sonskyn, my hoogste goed!
Die grote Skepper word toe my Redder,
En al God's volheid woon nou in Hom.

132 Ons Hemelse Vader, wanneer heilige tyd sal faal en val, wanneer die mens se koninkryke sal vervaag en nie meer wees nie, wanneer al . . .

As die hele see ink was,
En elke stingel op aarde 'n veer,
En al die mense skrywers van beroep;
Om die liefde van God daarbo te skryf
Sou die oseaan opdroog;
Of sou die boekrol alles kon bevat,
Al sou dit die hemelboog oorspan.

133 Vandag, is ons 'n gelukkige klomp gelowiges, Vader. Ons is U dienaars. Ons is so bly om te weet. Hoewel, arm, hoewel hier in 'n klein, nederige kerkie, het U net hier ingekom net soos U het by Kléopas-hulle op hulle pad na Emmaus. Die plek kan nie te nederig wees, te klein vir U om na toe te kom nie, en, tog, vul U alle tyd en ruimte.

134 En ek wonder, vandag, Hemelse Vader, nadat hulle gehoor het U het uit die dood uit opgestaan, en in die wete dat daar binne 'n paar minute 'n uitdaging gemaak gaan word. Ek bid, Hemelse Vader, dat as daar mans en vroue hierbinne is, vandag, seuns of dogters, wat U nog nooit as persoonlike Verlosser aanvaar het nie, dat hulle dit nou sal doen, deur te sê: "Here, ek versaak nou al my aardse trots. Ek stel alles ter syde, en gee myself aan U. Ek het niks om te gee behalwe myself nie. Maar as U my kan gebruik, O God, hier is ek. En gebruik my. En van vandag af, vorentoe, mag die Heilige Gees my lei en my gids wees, en van my 'n Christen maak." O God, mag dit die gebed van baie mense hier wees, vandag.

135 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, en ons oë gesluit. Ek wonder of daar iemand is, binne of buite, wat jou hand sou opsteek na Christus? en sê: "Deur hierdie opgeligte hand, glo ek nou die Here Jesus Christus. En ek—ek aanvaar Hom as my persoonlike Verlosser. En vandag, van hierdie dag af aan, sal ek

Hom dien met my hele hart, omdat Hy opgestaan het uit die dood, en ek glo."

136 Sal jy jou hand opsteek, enige plek aan die binnekant? God seën jou. God seën jou; en jou, suster; jou, jou, jou. Dis wonderlik. God seën jou. Jou besluit maak, die Heilige Gees is daar. Hy's die Een Wat die werk van God doen. Iemand, ver agter in die saal, aan die buitekant, steek jou hand hoog op. God seën jou; sien jou, ver agter. Die Here wees met jou, my broer. God seën jou, my suster. Iemand anders? God seën jou, my suster, ver agter in die saal. Ek sien jou, buite aan die buitekant. Party . . . God sien jou, selfs al sien ek dit nie. Hy sien jou.

137 Jesus, daardie lieflike Een, daardie skoonste van tienduisende; Hy wat afgekom het uit die Hemel, sonde geword het, gesterf het, weer opgestaan het, opgevaar het, en sit aan die Majesteit van God, nou verheerlik. Die Engele van God, in hulle posisies in die gebou, vandag, wat praat met die harte van die mense.

138 Sal jy vandag, nadat vyf-en-twintig of dertig hulle hand opgesteek het, sal jy nog een wees wat jou hand opsteek? Sê vir God: "God, vandag wil ek heeltemal aan U behoort terwyl ek my hand opsteek na U in belydenis van my sondes en my oortredinge, wil ek vir U lewe Wat vir my gesterf het." God seën jou, my broer. Sou iemand anders? Dink daaraan terwyl julle bid.

Die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed.

Die eerste een om te sterf vir hierdie Heil'ge Gees plan,
Was Johannes die doper, hy't gesterf soos 'n man;
Toe kom die Here Jesus, Hom kruisig hulle toe,
Hy preek dat die Gees van sonde sou red.

Dit drup van die bloed, dit drup van die bloed. (Wil jy nou die plek inneem?)

Hierdie Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,
Die bloed van di- . . .

139 Iemand anders jou hand opsteek? "Ek wil my plek vanmôre, posisioneel, inneem." Vra jou nie om by die kerk aan te sluit nie, ons het nie enige lidmate hier nie. Ek wil hê julle moet na Christus toe kom.

. . . is drup van die bloed.

140 Ons Hemelse Vader, U het die mense se hande gesien. Ek bid hierdie gebed van geloof vir hulle, dat van hierdie dag af, vorentoe, dat hulle 'n nuwe lewe sal lei; en mag Hy Wat nou teenwoordig is, Wat oor hulle die wag gehou het, hulle gevoed

het, die dinge gedoen het wat Hy vir hulle gedoen het, en hulle kerk toe gebring het vanmôre . . . Nou, het hulle Hom ontvang, op pad terug soos Kléopas-hulle. Hulle het teruggegaan net binne 'n paar oomblikke, nadat dit hulle 'n Sabbat-dagreis geneem het soontoe. Hulle het teruggegaan, lig van hart, nie om oor hulle godsdiens te stry nie, maar met die wete dat Hy lewe. Mag hulle terugkeer na hulle huis toe vandag, lig van hart, met die wete dat Hy lewe, want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

141 Nou, na die boodskap en julle mense Christus as julle Verlosser aanvaar het, is dit 'n groot opstandingsoggend. Nou is die tyd op hande dat ek óf 'n valse getuie of 'n ware getuie van Christus moet wees. As ek die waarheid gepraat het, omdat ek glo dat hierdie Bybel die Waarheid is, en geen ander boek nie, en enigiets teenstrydig Hiermee nie die waarheid is nie; ek net glo dat hierdie Bybel die Waarheid van God bevat.

142 En as hierdie Bybel gesê het dat Hy opgestaan het uit die dood, dat Hy dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid, dan moet Hy dieselfde wees in opstanding, moet dieselfde wees in krag. Hy moet dieselfde wees in beginsel. Hy moet dieselfde wees in elke opsig behalwe 'n vleeslike liggaam. Hierdie liggaam, die vleeslike liggaam van Hom, sit aan die regterhand van God Almagtig in die Heerlikheid. Glo julle dit? Hy sit aan die regterhand van God Almagtig in die Heerlikheid om voorspraak te maak.

143 Het julle ooit daaraan gedink? Dat toe die kinders van Israel in Egipte was, hulle geweet het hulle gaan eendag huis toe. Hoekom? Omdat hulle Josef se liggaam daar sien lê het, die bene van Josef, en hulle geweet het dit was 'n teken dat hulle eendag sou teruggaan huis toe.

144 En dan wanneer ons hierdie aarde verlaat, wanneer ons sterf en in 'n ander soort liggaam ingaan . . . Dis nie die soort liggaam nie. Ons is nie gemaak vir die Hemel nie, ons is gemaak vir die aarde; ons is aardse mense. En onthou julle in die Bybel, siele onder die altaar wat uitroep: "Hoe lank?" Hulle—hulle het—hulle het uitgeroep om weer terug te kom na 'n liggaam, mekaar se hande te skud, en te eet, en gemeenskap te hou. Dis waarvoor ons gemaak is. Dis hoe, waarvoor ons gemaak is.

145 En toe het hulle 'n teken daar gehad dat hulle gaan teruggaan. Wat was dit? Die vleeslike liggaam van die Here Jesus Christus wat op die troon van God sit, en wanneer ons verby daardie een gaan . . . As ons vandag gaan en Hy kom nie vir 'n honderd jaar nie en ek ontmoet julle daar, sal ek sê: "Eendag gaan ons terug. Sien daar? Daardie liggaam sal weer opstaan van die troon af." Dit sal terugkom na die aarde; en wanneer Hy dit doen, sal elke gees wat weer gebore is terugkom na 'n vleeslike liggaam, jong mans en vroue, en vir ewig lewe in die Teenwoordigheid van God.

Wat 'n . . . Wat . . . Hoe kan ons so iets verwerp, vriend? Ek is dankbaar dat julle Christus aanvaar het.

146 Nou, Jesus toe Hy hier op die aarde was, toe, voor Hy weggegaan het, in Johannes 14:7, het Hy gesê: "'n Klein tydjie," of Hy het hier gesê, Hy het gesê: "die dinge wat Ek doen, die werke wat Ek . . . Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal Hy ook doen. Selfs meer as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na My Vader."

147 Nou, wat was die werke wat Jesus gedoen het? Hy het nooit aanspraak gemaak om 'n geneser te wees nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek nie. Dis My Vader wat in My woon. Hy doen die werk."

148 Johannes 5:19, het Hy gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen."

149 Toe Filippus gegaan en vir vir Natanael gekry het en hom na Hom toe gebring het, het Hy gesê: "Aanskou, 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Hoe het U my geken, Rabbi?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou geken."

150 'n Vrou by die put, daardie dag, Hy het met haar gepraat tot Hy gevind het waar haar probleem was.

151 Hy het 'n probleem gehad, eendag, om 'n paar muntstukke te kry om 'n bietjie skuld mee te betaal, of, belasting geld, en Hy het vir Petrus gesê: "Gaan af, en vang 'n vis, en kyk in sy mond, en jy sal 'n muntstuk vind." Miskien sou Petrus, as hy die vis op 'n ander manier gevang het, sou hy nooit die vis se mond oopgemaak het nie, maar Jesus het geweet die muntstuk was in sy mond. Die Vader het vir Hom gewys.

152 Baie ander dinge: Hy het in die skare mense gestaan. Hy het omgedraai en gesê: "Jou geloof het jou gered. Jy het 'n *sekere* ding gehad."

153 Nou, as daardie Jesus opgestaan het uit die dood, en hierdie 'n pragtige opstandingsoggend, as Hy hier op die platvorm sal verskyn . . . Kan julle—kan julle waardeer wat ek sê? As Jesus, die Seun van God, uit hierdie tweeduisend jaar van kerklikheid en al die res, al die aarseling, en een kerk wat sê: "*Hierdie* is dit, en *hierdie* is dit, en *dis* dit." . . .

154 Kom ons staar dit reguit in die gesig. As Hy Jesus is, is Hy lewendig. As Hy nie is nie, is Hy nie. En as Hy lewendig is, is Hy dieselfde. En as Hy nie dieselfde is nie, dan is Dit nie dieselfde Jesus nie. Maar as Dit dieselfde Jesus is, is Sy belofte: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld; en die dinge wat Ek doen, sal julle ook, tot aan die einde van die wêreld."

155 Nou, hoe is Hy hier vanmôre? In die vorm van die Heilige Gees. Niemand het neergedaal behalwe Hy. . . Niemand het opgevaar behalwe Hy wat neergedaal het nie. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," het Hy gesê: "tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees; Ek sal in julle wees, tot aan die einde van die wêreld." En Hy is hier vanmôre.

156 Nou, hoeveel mense, binne of buite, wil voor gebid word? Steek op julle hande. Wel, dis 'n paar honderd of meer. Nou, ons kan nie al daardie mense op een slag hier na bo bring nie. Ons moet hulle een vir een bring, die enigste manier wat ons dit kan doen.

157 En ek reken dat Broer Woo-. . . , of, Billy Paul, dink ek, vir julle gebedskaartjies gegee het, hy vir julle gegee het. (Hoeveel het jy gegee? Honderd?) Goed.

158 Nou, ons moet kaartjies hê sodat mense genommer kan word om op te kom en hulle beurt te kry. As jy dit nie doen nie, veroorsaak dit 'n verwarring. Ek weet nie, maar wat. . .

'n Man het my gisteraand langafstand gebel, wat veertig of vyftig oproepe gistermiddag alleen was.

Maar kyk, wil vir julle iets vra. Die hoofsaak wat julle wil weet. . .

159 Nou, daar's niks in my wat enigiemand kan genees nie. Daar's niks in enige ander man nie. Daar's niks in 'n dokter wat jou kan genees nie. Hy sal vir jou dieselfde ding vertel. Hy genees jou nie. Nee, nee. Jy jou arm gebreek het, sê: "Dok, genees gou my arm daar. Ek wil my motor se slinger klaar draai." Hoe dwaas. Sien?

Wel, sê: "Haai, ek het my been gebreek, Dok. Ek moet. . . Ek moet, 'n ver ent stap vanmiddag. Genees dit net gou vir my."

160 Wel, hy sou sê jy is mal. Hy kan jou been spalk, maar dit neem God om jou te genees. Sien? Dis reg. Sien? Hy doen dit op Sy Eie manier. Julle sien? So hy's nie 'n geneser nie. Hy kan nie genees nie.

161 Wat as jy jou hand sou sny, sê: "Haai Dok, ek wil hê jy moet. . . Ek wil gou hierdie vir my toewerk en dit sommer gou genees, want ek wil nie daardie litteken op my hand hê nie." Sien? "Wel dis seer. Ek moet vanmiddag werk." Hy kan dit nie doen nie. Beslis nie. Hy mag—hy mag dit skoonmaak met 'n bietjie medisyne. Hy mag die kieme daaruit skoonmaak, maar God is, alleen, kan lewe maak en weefsel bou. Sien julle? Hy's die enigste Een wat dit kan doen. Ons weet dit. Jy hoef nie 'n geleerde te wees om dit te weet nie. Jy hoef net na God se Woord te kyk.

162 En Satan het geen krag om te genees nie. Ek gee enigiemand enigiets wat hulle wil, wat ek kon doen, as julle vir my een Skrif kan wys wat sê dat Satan kan genees. Dis nie. . . "Ek is die Here Wat al julle krankhede genees," het Jesus gesê. Nou, nou, hulle kan nie. . .

Satan kan nie genees nie, dit verg God, en dis op grond van jou geloof dat God genees.

163 Nou, ek wil vir julle iets vra. 'n Man het my gebel, soos ek gesê het, gister, en hy het gesê: "Broer Branham, ek wil na die Chicago diens toe kom oorkant by die . . . " Begin oormôre. Hy het gesê: "Ek—ek wil kom na . . . Ek wil kontak maak."

Ek het gesê: "Watter kontak bedoel jy, meneer?"

164 Gesê: "Ek wil hê my broer moet genees word." Gesê: "Hy het 'n slegte been." En gesê: "Ons woon in die platteland," en gesê: "ons was by twee of drie dienste, en ons kon nooit kontak maak met jou nie."

En ek het gesê: "Nou, wat bedoel jy met kontak, broer?"

Hy het gesê: "Wel, ek bedoel dit, dat ek—ek—ek wil hê jy moet iets vir my broer doen."

165 Ek het gesê: "Wel nou, meneer, jy probeer die verkeerde persoon kontak. Sien?" Ek het gesê: "Om my te kontak, sou wees om die bestuurder te sien en sien wat . . . " maar ek het gesê: "dit is nie om jou broer te genees nie." Hy . . . Ek het gesê: "Bedoel jy 'n kontak vir sy genesing?"

Hy het gesê: "Ja."

166 Ek het gesê: "Nou, hier is hoe jy dit doen: Jy gaan na die diens toe. Jy gaan sit buite in die gehoor, en dan . . . Ek's net Sy dienskneg, ek gee net myself oor Daaraan, aan die Heilige Gees. Dan maak jy kontak met die Heilige Gees, en Hy praat met my en sê vir my wat om vir jou te sê. Sien? Dis jou kontak, nie ek nie, Hy. En solank as wat jy my probeer kontak, is jy net die heeltyd af. Sien? Maar solank jy probeer om Hom te kontak, kontak jy Hom, en Hy gebruik my net as 'n mondstuk om jou te vertel. Sien? Dis reg."

167 Broer Head, ek sien jy sit daaragter langs my vriend, Mnr. Lee. Mnr. Head was 'n sterwende man aan kanker. Hy het behoort aan die Rooms Katolieke Kerk in Louisville, sterwend aan 'n kanker van die rektum, dink ek was dit, of iets; en hy het eendag hier oorkant na my toe gekom toe ek oor die straat gewoon het en gevra of daar genade vir hom was om genees te word. Het 'n gebed van geloof daar gebid, en die Here het 'n visioen gewys. En Mnr. Head, ek reken dit was ten minste tien jaar gelede, was dit nie? Omtrent nege jaar gelede, en hier lewe hy vandag. Genesing is werklik, is dit nie, Mnr. Head? Hy gee nie om vir wie Hy sal genees nie. Hy sal Metodiste, Baptiste, Katolieke, wat jy ook al is, genees, maak nie enige verskil nie, Hy genees. Sien? Nou, glo jy net. Ek het hom net per ongeluk gesien.

168 Wonder of Margie Morgan in die gebou is vanmôre? As sy sou, jou hand opsteek? Margie, het jy ingekom? Is jy hier, sus? Wel, ver agter aan die agterkant. Ja. Nog 'n vrou, 'n verpleegster hierbuite by die hospitaal, op die dodelys in Louisville met kanker. En sy

is net daar genees, net niks behalwe 'n klomp bene nie. Um-hum. Daar is sy. Arme meisie kan nie eers 'n plek kry om te gaan sit nie, en sy staan daar ver agter, in die saal vanmôre.

Hoe—hoe ek onthou hoedat die dokter gesê het: "O, goeiste. Daar is niks wat haar kan help nie."

169 Hoe haar dierbare man, 'n boesemvriend van my, reguit hiernatoe gekom het, en ek was verslete, ingekom, van deur die bosse gaan op patrollie. Gesê: "Kan enigiets my vrou help?"

Ek het gesê: "Dis nie vir my om te dink nie, meneer. Wat van jou?"

Hy het gesê: "Ek glo."

Ek het gesê: "Bring haar hiernatoe."

170 En net hier waar daar vir haar gebid is daardie aand, het die Here afgekom en vir haar vertel wat sou gebeur, en dit was jare gelede. Hier is sy vandag, 'n sterk, gesonde vrou. En gaan na die kankernavorsing in Louisville en vind uit of sy was... sy nie omtrent tien of twaalf jaar gelede dood is nie. Kyk of sy was...En dan is daar 'n dooie vrou opgewek, daaragter. Sien? Sekerlik.

O, Jesus lewe. Jesus regeer. Jesus is alles.

171 Nou. (Waar het julle begin? Van een tot 'n honderd? Goed.) Nou, wie het gebedskaartjie nommer een? Sal jy net hierbo aan die kant staan? Ons het soort van gelos...Julle is, julle het gebedskaartjies. Ons sal julle almal moet oplyn, maar ons is, ons sal—ons sal hier oorkant aan hierdie kant oplyn.

172 [Leë kol op band—Red.]...vrou, ek weet nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Sy's iemand se moeder, miskien. Ek ken haar nie. Nou, hierdie is net dieselfde as wat dit was toe Jesus die dag langs daardie put gesit het en die dissipels weggestuur het. Nou, Jesus het met haar gepraat, en toe Hy met haar gepraat het, het Hy gesê: "Bring vir My water om te drink."

En sy het gesê: "Die put is diep en U het niks om mee te skep nie, en ons het nie enigiets te doen, met mekaar, Jode en Samaritane nie."

Hy het gesê: "Maar jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

173 En so het die gesprek voortgegaan, en sy het van aanbidding ensovoorts gepraat. Toe nadat Hy 'n tydjie met haar gepraat het, het Hy gevind waar haar probleem was. Is dit reg? Hoeveel weet dit? Hy het gevind wat verkeerd was met daardie vrou, en haar—haar probleem was onsedelike lewe. Is dit reg? Hy het gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Hy het gesê: "Dis reg. Jy het vyf."

174 Nou, kyk wat hy. . .sy gesê het. Nou, luister wat sy gesê het. Sy het gesê: "Meneer," aandagtig: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Sy het gesê (Luister, nou.): "Maar ons weet dat wanneer die Messias kom. . ." Wie was Messias? Die Seun van God. Sy het gesê: "Ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel, maar Wie is U?"

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

En soos sy in die stad ingehardloop en gesê het: "Kom, sien 'n Man Wat vir my vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Christus nie?" Sien?

175 Wanneer Christus kom, sal Hy hierdie dinge doen. Nou, luister, vir hierdie laaste aanhaling. As daardie, wat die vrou gesê het: "Ons weet dat wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen," nou, as dit toe die teken van die Messias was, en Hy sal. . . Hy die Messias was, en Hy opgestaan het uit die dood, is dit nie dieselfde ding vandag, as Hy dieselfde is nie?

176 Nou, hier is 'n vrou. Ek ken haar nie. God weet dit. Ek weet nie een ding nie. Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien sover ek weet nie. Sy's 'n vreemdeling, maar God ken haar. Nou, die vrou is hier vir iets. Ek weet nie. Sy mag 'n geliefde hê vir wie sy staan. Sy mag finansiële probleme hê. Sy mag 'n siekte hê. Sy mag 'n sondaar wees en hiernatoe gekom het om gered te word. Ek weet nie. Maar as Jesus Christus, die verrese Seun van God, hier sal afkom, en vir hierdie vrou iets vertel wat sy weet ek niks van af weet nie, sal julle, gehoor, dat daardie selfde Jesus wat op daardie dag opgestaan het, hier is, en Hy—Hy—Hy die brood vir julle breek soos wat Hy het vir hulle by Emmaus?

Nou. Nou, suster, ek wil net 'n oomblik na jou kyk, wil hê jy moet met my praat. Nou, mag die Here dit doen.

Nou, ek wens julle wil nou baie eerbiedig wees gedurende 'n tyd soos hierdie, veral, in hierdie—hierdie ry. Nou, ek sê nie. . .

177 Hierdie is my tuisdorp. Dit was twee keer vandat ek in die bediening was dat dit hier gewerk het by die tabernakel. Hoekom? Jesus het gesê dat 'n profeet nie in sy eie land, onder sy eie mense is sonder. . .dis die enigste plek waar hy nie geëer word nie. Is dit reg?

178 Toe Hy na Sy Eie land toe gegaan het, het hulle gesê: "Wie is hierdie kêrel, in elk geval? Uit watter skool het hy gekom?" Sien? En Jesus kon baie magte werke nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof.

179 Gesê: "Is dit nie die skrynwerker se seun nie? Is sy moeder nie hier by ons nie? Is Josef nie die skrynwerker nie? Is sy broers en susters nie hier by ons nie? Waar—waar het hy hierdie gekry? Aan watter kerk behoort hy?" Hy het nie aan enige van hulle behoort nie. Gesê: "Wel, wanneer het hy hierdie wysheid gekry?"

180 En Jesus het daardie stelling gemaak, en dit sal dieselfde ding vandag wees, en Hy het gesê: "'n Profeet van toe af, sal sonder eer wees onder sy eie." Nie julle mense hier nie, maar dis die omgewing van Jeffersonville waar ek grootgeword het. Almal ken al my goeie en slegte punte en alles, en meeste van hulle is sleg. Ek's jammer. Maar Jesus weet . . . weet dit nie. God weet nie. Jesus het dit alles weggeneem, so God weet niks daarvan nie. Hy het hulle in die See van Vergetelheid gesit, toe ek hulle bely het drie-en-twintig jaar gelede, en Hy weet nou niks meer daarvan nie, weet Hy? So dis—dis—dis God se seën.

181 Nou, ek wil met ons suster praat. Nou, dame, hierdie gehoor is 'n groot ding. Hier's twee of driehonderd mense, of wat daar ook al, hier is vanmôre. En ek en jy, wat vreemd is vir mekaar, nie mekaar ken nie, nog nooit mekaar gesien het sover ek weet nie, maar . . . Jy—jy het my gesien? Ja. Waar was jy by die diens? Onder in Kentucky. Wel, ek bedoel, ek weet nie wie jy is nie. Nee, dis reg. Uh-hum. Ja. Nou, kan julle almal die dame hoor? Ek weet niks van haar sake af nie. Sy was in een van my dienste in Kentucky. Daar is ons, dan, totale vreemdelinge vir mekaar.

182 Nou, as die Here Jesus . . . As ek myself kan oorgee aan die Heilige Gees, en Hy kan vir my iets sê van hierdie vrou, of waarvoor sy hier is, wat dit ook al is, soos die vrou by die put of sovoorts, het almal van julle belowe julle sal glo.

Nou, dame, jy in die rystoel, glo jy dit? Sal jy, Suster Edith?

Sal jy, wie ook al die dametjie is wat nie kan opstaan hier oorkant nie, sal jy glo, suster, met jou hele hart? Sien?

183 Nou, sal almal van julle hierbinne wat siektes van enige aard het, sal julle glo? Nou, dan as julle dit doen, dan raak julle Hom aan. Sien? Julle kan my heeldag aanraak, dit sou glad nie 'n verskil maak nie. Sien? Julle kom, my aanraak en ek sou dit nie weet nie, maar raak julle Hom net eenmaal aan, en kyk hoe Hy omdraai, julle daarvan vertel. Sien? Raak Hom net eenmaal aan met geloof. Dis nie . . . Ek's nie die een wat opgestaan het uit die dood nie. Hy's die Een wat opgestaan het uit die dood (Sien?), en ek's net Sy dienskneg.

184 Nou, wees baie eerbiedig. Kyk hiernatoe. En 'n paar minute behoort dit te bewys sonder enige sweempie twyfel.

Nou, suster, ons wat vreemd is, sê ek, vir mekaar, wat praat . . .

185 Julle kan sien ek het 'n stryd om myself oor te gee aan die Gees. Dis presies reg, want dis by die huis. Dis hier in die tabernakel. Dit werk net nie op die manier wat dit moet werk nie en . . . Maar God weet alle dinge. Hy kan alle dinge doen.

186 As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy aanvaar jou, wat dit ook al is, as jy hier is vir siekte, aanvaar

jy jou genesing? As jy hier is vir finansies, wat dit ook al is, sal dit 'n bonatuurlike werk wees, nie waar nie?

187 Nou. Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, neem ek elke gees hier onder my beheer.

188 Die vrou beweeg weg van my af. Ja, sy's nie van hier nie. Sy kom van 'n ander plek af, 'n nederige huis. En sy—sy ly, en sy's geskadu. Sy is geskadu met die dood, en dis 'n kanker. Dis reg. Maar net God alleen kan jou gesond maak, jy weet dit. Dis op die boesem, of, die bors; kanker op die bors. Ek sien hom dit ondersoek. Dis reg, dame.

189 En jy het, op jou pad hiernatoe, gebid dat jy hier sou kon opkom waar ek was. Voor jy vertrek het, het jy in daardie trant gebid, dat jy op hierdie platvorm sou kon kom. Dit is reg. Ek lees nie jou gedagtes nie. Dit is waar. En toe jy daar gedraai het, en die son in daardie venster ingeskyn het op jou, jy weet dit, toe God met jou gepraat het, jou soort van geloof laat kry het dat jy geweet het jy gaan in hierdie gebedsry inkom. En hier is jy, hier op die platvorm vanmôre. Dit is reg. Ek lees nie jou gedagtes nie, maar dis waar. Nou, as dit waar is, steek jou hand op. Glo jy nou?

Glo julle in die gehoor? [Die gehoor sê: "Amen."—Red.]

190 Nou, hê geloof, suster. Kom hier, suster. Nou kyk, daar's Iets hier wat jy nou in die Teenwoordigheid van is, wat jy weet nie 'n mens is nie. Dis nie jou broer nie. Daar's Iets hier wat jou ken. Is dit nie reg nie? Weet alles van jou af. Nou, dis jou gesindheid Daarteenoor. Glo jy dit was Jesus Christus Wat my toegelaat het om dit te doen? Jy—jy glo. Glo jy, dan, dat God jou sal genees?

Buig jou hoof.

191 Ons dierbare Hemelse Vader, U is die God van Abraham, Isak, en van Jakob, en hierdie arme vrou hier onder hierdie donker skadu van die dood, in die wete dat sy spoedig sal moet gaan as U haar nie aanraak nie. En hier is sy, vanmôre, wat hier rondloop in hierdie gebou, met die verrese Here Jesus wat in die wêreld is, rondloop tussen die blomme, en die mense vandag, wat vir ewig lewe, en praat deur Sy diensknegte, wat probeer deur die Woord, dan deur profesie, om die verborgenheid van die vrou se hart te openbaar, dat sy mag weet dat Hy haar liefhet.

En, Vader, as Sy dienskneg, sit ek my hande op haar en bestraf hierdie duiwel dat dit haar verlaat, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

192 Nou, gaan en glo, en as jy kan glo met jou hele hart . . . Dit het jou nou verlaat. Sien? Nou, as jy kan glo . . . Want dis heeltemal lig rondom jou, sien, waar dit donker was. Nou, as jy kan glo met jou hele hart, sal dit nooit weer na jou toe kom nie. Gaan, loof Hom, en jy sal sit soos daardie mense daaragter wat kanker gehad het en nou lewe. Jy sal lewe saam met hulle. Amen.

193 Glo julle? Wees almal net getrou, gelowig. Moenie twyfel nie, maar hê geloof. God weet alle dinge, kan alle dinge doen.

194 Nou, ons suster hier, natuurlik, vir my, is 'n vreemdeling. Is dit reg, dame? [Die suster praat met Broer Branham—Red.] Ons is vreemdeling. Jy was twee keer by ons tabernakel, terwyl ek hier gepreek het. Natuurlik sou ek nie weet nie, jy weet. Ek weet nie. . . jy's net vreemd vir my. Nou, glo jy dat Jesus Christus, die Seun van God, hier is om jou te help? Glo jy die boodskap wat ek gepreek het, van Hom, uit die Bybel? En jy glo dat as Hy nou hier was, en Hy hierdie pak aangehad het wat Hy vir my gegee het, dat Hy sou sê. . . ?

Hê geloof in God. Nou, wees baie eerbiedig. Staan stil. Wees eerbiedig.

195 As—as Hy hierdie pak aangehad het wat Hy vir my gegee het, en jy sou kom en sê jy was siek, ek weet nie of jy is nie. Maar sê, as jy siek was, en Hy sou sê. . . jy sou sê: "Here Jesus, sal U my genees?"

196 Weet jy wat Hy vir jou sou sê? Hy sou sê: "Kind van My, Ek het dit gedoen toe Ek vir jou gesterf en opgestaan het vir jou regverdigmaking." Glo jy dit? Hy kan dit nie meer doen nie. Hy het dit alreeds een keer gedoen. Julle sien? Soos Hy jou gered het toe Hy gesterf het. Nou, Hy het opgestaan en toe jy. . . vir jou regverdigmaking; dieselfde ding vir jou siekte.

197 Nou, maar Hy mag in staat wees om vir jou iets te vertel van jouself, soos Hy vir die vrou het. Dis die enigste ding wat oor is wat Hy kan doen. Sien? Hy het ons nooit gelaat sonder 'n getuienis nie. Hy het die Getuie hier gesit, die Heilige Gees om aan te hou om 'n getuie vir Hom te wees. Is dit reg?

198 Nou, jy is—jy is nie van hier nie. Jy's van 'n ander plek af. Dis reg. Heuwel streek. Dis reg. Baie hardehout en goed, miskien Kentucky. Dis reg. En jy het hiernatoe gekom om. . . vir 'n doel, en ek sien jou in jou huis. Jy's baie senuweeagtig, ontsteld. Ja. Raak baie senuweeagtig, kan jouself nie beheer nie. Dis 'n verskriklike ding. Ek kan jou heen-en-weer sien loop, iets doen, lyk soos—lyk soos van die kombuis af na die ander kamer toe die hele tyd, heen-en-weer gaan. Jy raak baie senuweeagtig. Dis veral in die middag wanneer jy baie swak word. Dit is reg.

199 Jy weet Iets is hier wat jou ken, nie waar nie? Dis onfeilbaar. Dis reg. Dis waar, is dit nie? Um-hum. Nou, Wat, wat hier staan, sal my laat weet wat jy in jou huis doen? Daar's Iemand hier wat meer as 'n mens is. Dis Jesus. Dis reg.

200 En ek sien jy het iets aan die binnekant. Dis vergroeisels binne-in jou. Dis reg. En jy het een wat uiterlik is. Dis reg. En dis onder jou arm. Dis 'n knop, dis onder jou regterarm. Dit is reg. Is dit nie reg nie? Glo jy? Glo jy Hy het opgestaan uit die dood? Kom hier.

201 Dierbare God, op hierdie ons geliefde suster, bestraf ons die siektes van haar liggaam, en laat haar huis toe gaan en 'n gesonde persoon wees. Dit doen ons in Jesus Christus' Naam. Amen.

202 God seën jou, suster. Nou, gaan blymoedig, wees gelukkig. Glo met jou hele hart, en God sal vir jou die uitermatige doen.

203 Dametjie wat na my kyk, pienk jassie aan, met die bril, donker hare, sy het 'n wonderlike kontak met die Gees op hierdie tyd. Sy ly aan 'n sinusprobleem wat haar pla. Dis reg, dame, jy met die pienk jas aan, daar. Dis reg. Hê geloof. Glo.

204 Sien wat ek bedoel? Jy hoef nie *hier* te wees nie. Jy moet *daar* wees. Wees gelowig.

205 Aangename kennis, dame? Glo jy met jou hele hart, met jou hele siel, en met jou hele verstand? Jy's ontsettend senuweeagtig, ook. Ja, mevrou. Jy het 'n probleem, eintlik sou wees met 'n dame van—van jou ouderdom, wat jou senuweeagtig maak. Maar jy het ook 'n vergroeisel in jou, en daardie vergroeisel is in die maag. Dan, het jy 'n probleempie in jou sy. Dis jou lewer. En jy het, aan die ander kant, 'n nierprobleem. Dis wat daardie dokter gesê het, so—so dis—dis reg. Dis wat hy vir jou gesê het, nie waar nie? Nou, glo jy jy gaan gesond word? Iets het jou getref, het dit nie? Dit was Sy genesingskrag, as jy dit kan glo. Amen.

Ons Hemelse Vader, in die Naam van U Geliefde Seun, die Here Jesus, bid ek dat U die vrou sal genees, haar gesond sal maak. Amen.

God seën jou, dame. Moenie twyfel nie. Hê geloof en glo.

Almal moet Hom glo.

206 Dis reg, Suster Wood. Ek gaan nie sê nie, natuurlik, jy weet ek weet. Sien? Hê geloof, maar jy het nie meer 'n gewas nie. Umhum. Dis reg.

207 Suster, wat daar huil, het gebid vir jou oë, nie waar nie? Wat net daar sit met die bruin pakkie aan. Ja. Jy glo nou, nie waar nie? Jy het tot God gebid: "O God, laat my ook in wees." Is dit reg? As dit reg is, steek jou hand op. Mag ek dit vir jou sê? Glo jy dat God die verborgenheid van jou hart aan my kan openbaar? Glo jy dit? Jy wil ook iets, behalwe jou genesing, van God af hê. Uh-huh. Jy wil die doop van die Heilige Gees hê. En dis reg. Dit reg is, steek jou hand op. Goed. Jy kan dit nou ontvang. Mag die Here Jesus jou die doop van die Heilige Gees gee.

Nee, ek lees nie haar gedagtes nie. Nee, nee. Nee, nee. Dis nie dit nie. Moenie dit sê nie. Huh-uh.

Dis die Heilige Gees. Sy was nie . . . Sy kry net haarself soort van in die Gees van God. Hê jy geloof. Glo.

208 Aangename kennis, dame? Ons is vreemdelinge vir mekaar. God hou nie—hou nie geheime nie. Hy kan geheime openbaar. En ons, as vreemdelinge vir mekaar, wat mekaar nie ken nie, nog

nooit mekaar gesien het, in die lewe nie, reken ek, maar God ken ons albei. Hy het ons albei gevoed. En hier is jy, wat hier staan, 'n vrou, ek 'n man. En hier is ons . . . Jy's 'n Christengelowige en jy—en jy . . . want jou gees voel welkom, jy glo werklik. En, natuurlik, dra jy bril. Ek sien dit. Enigiemand sou weet daar's iets verkeerd met jou oë, jy sou nie 'n bril opgehad het nie. Miskien sal Hy vir my iets anders wys wat verkeerd is. Ek weet nie of Hy sal nie. Ek sal Hom moet vra. Maar as Hy sal, sal jy dit aanvaar? Sal die gehoor Hom aanvaar?

209 Ja, mevrou. Jy het, ook, 'n vergroeisel, en jy is gereed vir 'n operasie. Ek sien die dokter sê daar moet op jou geopereer word. Hy het na jou tong gekyk. Die vergroeisel is op jou tong. Dis reg. Dis reg, in jou liggaam. Dit is waar. Uh-hum. Glo jy nou Hy's hier? Glo jy dat Hy die lewe daaruit kan wegneem, en dit sal weggaan? Kom hier.

210 O God, Bewerker van Lewe, Gewer van Ewige Lewe, gee U seëninge aan hierdie vrou, vir wie ek seën in U Naam, want ek vra dit in Christus' Naam. Amen.

God seën jou, dame. Gaan nou in geloof, deur geloof te hê.

211 Ek sien 'n visioen hier voor my. Dis 'n dame, en sy het 'n dogtertjie by haar. Die vrou het 'n diabetes, en die meisietjie het haar arm beseer. Sy het van 'n bed of iets afgeval en haar arm beseer. Daardie persoon is teenwoordig. Um-hum. Amen. Daar is julle. Steek jou arm op, skat. Daar is dit. Dis nou alles verby. Um-hum, um-hum. Jou geloof het Hom aangeraak. Amen.

Hoe kan ek julle gedagtes lees en hierdie kant toe kyk en hulle aan die agterkant?

Jy's nou reg. Dit maak nie nou meer seer nie, maak dit, skat? Dis nou alles weg; gaan, wees gesond.

Kom ons sê: "Prys die Here."

"As julle kan glo, as julle kan glo, is alle dinge moontlik."

Nou, die Here Jesus Christus, die Seun van God, Wat die dooies opgewek het, Hy doen wat Hy ook al wil. Hy's die Almagtige Een.

Goeiste, ek kan nie die mense op die platvorm kry nie. Hulle is in die gehoor. Nou, beweeg julle geloof reg.

212 Suster Wood, ek het gedink dit was vir jy, maar dis daardie man wat daar langs jou sit. Glo jy met jou hele hart? Kom van Michigan af om genees te word, vanaf Sturgis, Michigan, en dis reg. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar dis reg. Goed. Gaan huis toe en word nou gesond. Jou geloof maak jou gesond.

213 O hoe wonderlik. Hoekom kan julle Hom nie glo nie? Julle van die tabernakel, julle wat hierdie dinge vir jare sien kom en gaan het, sal julle nie geloof hê nie?

214 Dis jou man wat vir jou bid, dame. Reg. Hy probeer vir God kontak. Jy wil, ook. Jy het 'n gebedskaartjie gekry om in hierdie ry te kom, hier. As jy sal glo wat ek jou vertel . . . jy bid, het jy nie, meneer? As jy glo, hoef jy nie. Jou senuwees het ingegee, kan nie in die nag slaap nie, in 'n vreeslike toestand. Jy is ook nie van hier nie. Jy het van die noorde af gekom, suide toe. Jy het van 'n groot stad af gekom waar daar 'n rivier deur die stad loop. Dis reg. O, jy was lankal so gewees, was jy nie, dame? En jy is ook eenkeer genees, 'n kanker of iets. Dis reg. Een of ander soort toestand waarin jy was, en God het jou gesond gemaak. Nou jy het . . . jy het predikers, en dinge gebel, om vir jou te bid, en sulke dinge, om jouself te laat rus in die nag. Jy kom van Fort Wayne af. Dis reg.

215 Glo jy met jou hele hart dat Jesus Christus jou gesond maak? Glo jy dat Sy krag jou nou sal genees? Jy moet spoedig 'n houvas kry, suster. As jy sal met jou hele hart, sal Jesus Christus jou gesond maak.

Broer Wood, lê jou hand oorkant op daardie dame wat daar sit.

216 O God, Jesus opgewek het uit die dood, die duiwel het hierdie arme vrou gebind, probleme op probleme, haar arme man. O Vader, ek bid, dat, in Jesus' Naam, as hulle geloof U kon kontak, God, bid ek dat U daardie toestand nou van haar liggaam sal wegneem, en mag van hierdie uur af, mag sy genees en gesond gemaak word.

217 O God, in Jesus Christus' Naam, bestraf ek daardie duiwel. En gee vir die vrou geloof om te glo in die Seun van God, en om hierdie tabernakel vanmôre te verlaat met albei hande in die lug, om te juig en God te prys, deur Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

218 God seën jou, sus. Noem dit: "verby." Noem reg: "reg," en verkeerd: "verkeerd." Dis reg. Amen. Hê geloof in God. "As julle kan glo," het Jesus gesê.

219 Daar's 'n donker gees wat in die hoek aan my linkerkant hang. Die persoon wat daaragter sit, ly aan epilepsie, oorkant, in 'n hoek. Staan op, meneer, met swart hare. Glo jy Jesus Christus maak jou gesond? Goed. Gaan dan. Mag Christus jou gesond maak. Jou geloof sal dit doen, as jy sal glo. Hê geloof in God. Hier, kyk. As jy Hom sal glo. Hê geloof in God. Kan julle glo?

Enige van die res van julle, kyk hiernatoe en glo. As julle met julle hele hart kan glo, kan julle ontvang waarvoor julle vra.

220 Hier sit 'n man, sit net hier in die buitekantse ry, ver agter na die agterkant toe. Hy ly aan hoofpyne. Hy—hy is nie van hierdie streek nie. Hy kom van Montana af. Hy is 'n ligte-kop man. Hy dra bril, het nou sy hand op. Dis reg, meneer, skeelhoofpyn. Dis 'n pragtige streek waarvandaan jy kom. Ek het al in daardie streek gejag. Mag jy huis toe gaan, en die hoofpyn is in die See van

Vergetelheid; skeelhoofpyn van 'n hoofpyn jou verlaat, my broer. Gaan en word gesond gemaak deur Jesus' Naam.

Wat's fout met julle Jeffersonville mense? Kan julle nie geloof hê nie? Ek's julle broer. Hê geloof in God. Glo.

Glo jy, dame? Ek's 'n vreemdeling vir jou.

221 Glo jy, meneer? Jy is ook nie van hier nie. Jy's van Ohio af. Sy's ook van Ohio af. Dis reg. Jy's van Hamilton. Dis reg. Mnr. Allen, jy kan huis toe gaan en gesond wees. Jy het jou gehoor. Amen.

222 Julle sê hoekom het ek sy naam geken? Het die Here Jesus nie vir Petrus gesê sy naam was . . . hy was . . . naam was Séfas, hy moet *Petrus*: "'n rotsie" genoem word nie. Sekerlik, Hy ken jou naam. Hy weet van waar jy kom, alles van jou af. Halleluja!

Daardie bronchitis verlaat jou, die Here Jesus maak jou gesond en seën jou, genees.

Glo julle Hy's nou hier, om julle almal gesond te maak? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Iemand is besig om vir 'n kind te bid. Dis 'n dogtertjie wat 'n naeltjie breuk het. Dis reg, suster. Amen.

Wat wil julle nog hê? Jesus, die Seun van God, is hier. Hy het opgestaan uit die dood.

223 Jy, meneer, wat daaragter staan, wat prostaatprobleme het, baie senuweeagtig. Glo jy God sal jou gesond maak, jou genees? Goed, meneer. Jou geloof het jou genees. Jy kan nou huis toe gaan en gesond wees. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het jy? Geen gebedskaartjie nie. Goed. Jy hoef nie te hê nie.

224 Jy het nie 'n gebedskaartjie nodig nie. Jy het geloof nodig. Glo julle Hom? Hy het opgestaan uit die dood. Hy's hier. Hierdie is Pase, die opstanding. Hoeveel wil genees word? Sal julle doen wat ek vir julle sê? As God my die dinge laat weet wat in jou lewe is, of die dinge wat jy gedoen, wie jy is, of waar jy vandaan kom, alles van jou af, as dit nie die opstanding van Jesus Christus is nie, wat is? Sekerlik, is dit.

Diabetes, artritis, glo jy Jesus Christus maak jou gesond? As jy kan glo, kan jy ontvang. Hê geloof in God.

225 Nou, die Heilige Gees sê vir my, die Engel van God Wat hier by die platvorm verskyn het, die Een Wat Sy eerste verskyning gemaak het op die rivier hier onder die mense, die Een Wat vir my sê, Hy's nou hier; en Hy het bewys dat Hy opgestaan het uit die dood. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Jou genesing is in God se hand. Hy het dit alreeds gedoen.

226 En hoeveel van julle glo dat Jesus julle nou gaan gesond maak; dat julle geloof genoegsaam is, nou, om te sê: "Ek glo, Here. Broer Branham, as jy vir my sal bid, sal ek net nou genees

word, as jy vir my sal bid"? Sal julle dit doen? Steek julle hand op. Dan sal ek vir julle die heerlikheid van God wys. Amen.

227 Glo my, mense. Ek's julle broer. Ek het hier onder julle grootgeword. Nie een keer het Dit misluk nie en Dit sal nooit misluk nie. Ek sê julle, nou, die Heilige Gees beweeg deur hierdie gebou soos 'n mistige Vuur, beweeg rond oor die gehoor. Dis hier om julle te genees. Dis hier om julle geloof te gee as julle Dit sal aanvaar. Nou, sit julle hande oorkant op mekaar.

228 O God, ons dierbare Hemelse Vader, ek bid dat, in Jesus Christus' Naam, dat U Gees nou oor hierdie gehoor sal beweeg en elke persoon in Goddelike Teenwoordigheid sal genees. Mag die Heilige Gees al hierdie duisternis van Jeffersonville wegneem wat oor hierdie gehoor hang, en mag Hy Sy Heerlikheid oor hierdie gebou laat trek en elke persoon hier genees, in Jesus Christus' Naam.

229 Nou, met julle hoofde gebuig, met julle hoofde gebuig, sê dít vir God: "God," sê dit hardop, "God, [Die gehoor herhaal die gebed agter Broer Branham aan—Red.] ek glo nou. Niks meer wat U kan doen nie, Here. U het deur U Woord bewys, U het deur U tekens bewys, U het deur U Bybel bewys, U het deur U dienskneg bewys, U is hier, en ek glo nou. Nou aanvaar ek my genesing. Ek glo net nou dat ek geloof het, en God my gesond gemaak het. En van hierdie uur af gaan ek van hierdie tabernakel af, en juig, en loof U vir my genesing, in Jesus' Naam."

230 Nou, met julle hoofde gebuig, julle oë toe, dink nou hierdie: "O God, nou kom U in my in. Ek voel U Teenwoordigheid. Ek weet U beweeg nou in my siel in. U is hier, Here Jesus. Ek is soos Kléopas. Ek het 'n lang tyd saam met U gewandel. Ek het nie besef dit was so nie, Here; maar hier het U iets net hier in die gebou gedoen en aan my bewys dat U dieselfde Jesus is. U het opgestaan uit die dood, en ek glo U. Ek glo U, Here, dat U nou net hier by my is, en ek net nou genees word. Ek voel sterker. Ek word beter. Ek word beter. My krag keer terug na my toe. Die kanker, die siektes verlaat my, en ek kom net nou na Christus toe."

Met jou hoof gebuig, hou aan juig, hou aan bid terwyl die pastoor aanhou lei in gebed.

Die Magtige Oorwinnaar AFR56-0401M
(The Mighty Conqueror)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Paas Sondagoggend, 1 April 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org